# VOORWOORD

Graag wens ek van die geleentheid gebruik te maak om in die eerste plek my hartlike dank te betuig teenoor prof. dr. F.J.H. Wessels, Hoogleraar in Staatsleer aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, onder wie se bekwame leiding ek die voorreg gehad het om hierdie verhandeling te voltooi. Sy diepe insig was grootliks verantwoordelik vir die vorming van my prinsipiële agtergrond, en dit nie net bloot sover dit die staatkunde betref nie.

'n Verdere woord van dank aan prof. H.J. Strauss, Hoof van die Departement Staatsleer aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, wat vir my die grondslae van die Christelike Staatsleer gelê het.

My opregte dank gaan ook aan Thea, vir haar liefdevolle opoffering, al die tikwerk en behulpsaamheid gedurende my studiejare.

My ouers se steun en belangstelling wat vir my steeds 'n onderskraging was in my studies, stel ek hoog op prys.

Ten slotte is dit my voorreg om hierdie werk op te dra aan my kinders in die wete dat dit alleen moontlik was deur die genade van God.

Pretoria
September 1974.

# STAATSVEILIGHEID; 'N STUDIE VAN TERREUR EN ONDERMYNING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

deur

DANIËL JOHANNES JACOBUS OPPERMAN

VERHANDELING

voorgelê ter vervulling van die
vereistes vir die graad

MAGISTER ADMINISTRATIONIS

in die

DEPARTEMENT STAATSLEER

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

STUDIELEIER: PROF. DR. F.J.H. WESSELS

PRETORIA September 1974

Bladsy

HOOFSTUK IV

STUDENTEOPSTANDIGHEID AS MIDDEL VAN POLITIEKE GEWELD, REVOLUSIE EN ONDERMYNING ... 39

A. INLEIDING ........................................ 39

B. KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA SEKERE ORGANISASIES ........................................ 46

C. DIE STRUKTUUR EN ROL WAT LINKSE ORGANISASIES OP SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITSKAMPUSSE SPEEL .............. 49

1. Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) ...................... 49
   (a) Historiese agtergrond ........... 49
   (b) Struktuur ....................... 51
   (c) Doelstellings en aktiwiteite ..... 55
   (d) Finansies ....................... 61
   (e) Slotbeskouing ................... 62

2. Die "University Christian Movement" (UCM) ................................ 63
   (a) Historiese agtergrond ........... 63
   (b) Stigting ........................ 64
   (c) Bedrywighede .................... 65
   (d) UCM en "Swart Bewustheid" ........ 67
   (e) Doelstellings ................... 69
   (f) Finansies ....................... 70
   (g) Ontbinding ...................... 71
   (h) Slotbeskouing ................... 72

3. South African Students Organisation (SASO) ............................... 74
   (a) Ontstaan en groei ............... 74
   (b) Doelstellings ................... 76
   (c) SASO-beleid ..................... 77
   (d) Finansies ....................... 82
   (e) Gevolgtrekking .................. 82

Bladsy

HOOFSTUK V

NIE-BLANKE BEWEGINGS EN DIE KOMMUNISTIESE PARTY .......... 85

A. DIE "AFRICAN NATIONAL CONGRESS" .......... 85
1. Stigting .......... 85
2. Doelstellings en beleid van die ANC ... 86
3. Aktiwiteite van die ANC .......... 90

B. POQO (PAC) .......... 97

C. "AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT" .......... 99
1. Ontstaan .......... 99
2. Aktiwiteite .......... 100

D. DIE KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA .......... 102
1. Inleiding .......... 102
(a) Stigting .......... 103
(b) Struktuur .......... 105
2. Skakeling met Rusland .......... 111
3. Aktiwiteite .......... 112
4. Kommunistiese Optrede op Ekonomiese vlak .......... 122
5. Samevatting en Slot .......... 124

HOOFSTUK VI

DIE REPUBLIEK SE VERWEER TEEN TERREUR EN ONDERMYNING .......... 131

LITERATUURLYS .......... 144

## INLEIDING

Met hierdie studie word beoog om, in die lig van die prinsipes van die regstaat, te let op, en te besin oor, terreur en ondermyning soos gemanifesteer in die Republiek van Suid-Afrika (S.W.A. uitgesluit) sowel in die jare voor Republiek-wording as in die hede, veral vir sover die veiligheid van die staat daardeur bedreig is of bedreig word.

Hierdie bespreking geskied in die aanname dat die owerheid, in ooreenstemming met die beginsels van die reg= staat, geroepe is om sorg te dra dat 'n beskawingsmondige burgery in die verskeidenheid van hul staatsvrye lewens= funksies en -vorme, en wedersyds in eerbied vir mekaar se soewereiniteit in eie kring, die een die ander nie verdruk of veronreg nie. In gevalle waar die euwel van grens= oorskryding wel voorkom, word hierin betoog, moet die ower= heid in staat wees om die status quo te herstel.

Die begrip staatsveiligheid word omskryf en die ver= skillende terreine waarop die staat se veiligheid bedreig word, word aangedui en nader toegelig. Ewe-eens word aan= gedui watter gesagliggame deur die owerheid daargestel is

om die/

om die veiligheid en voortbestaan van die staat te verseker en gewys op verskillende tipes misdrywe wat teen die staat gepleeg kan word.

Omdat die kommunis se doel en strewe op gewelddadige verandering ingestem is, en hy in die studentekorps 'n handige werktuig sien om sy doel te bereik, het ons dit nodig gevind om in dié konteks kortliks aandag te skenk aan studente in die algemeen en meer uitvoerig aan die belangrikste studente-organisasies wat hulle hier te lande onderskei deur hulle propagering van en ywer vir verande= ring. Daar sal aangedui word hoedat die verandering wat die studente bepleit, naamlik in die ekonomiese, maatskap= like en politieke bestel, in idioom en metode sodanige oor= eenkomste toon met dié wat die kommunis in die oog het, dat daar grondige rede bestaan om van hulle strewe as kommunis= ties-georiënteerd en van hulle handelinge as 'n rugsteuning van kommunistiese doelstellings te mag praat. Veral in hulle rol om aan die begrip swartmag in die Republiek van Suid-Afrika 'n sekere gangbaarheid te gee, het die studente duidelike blyke gegee van benadering van die kommunistiese model.

Die belangrikste revolusionêre nie-Blanke organisasies, sowel as die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty, geniet ook

aandag in hierdie bespreking, en daar word gewys op enkele van die dade van terreur en ondermyning waarvoor hierdie instansies verantwoordelik was. 'n Volledige behandeling van hierdie organisasies was nodig om aan die hand daarvan die owerheid se optrede teen hulle te kan bespreek en om te kan wys op die owerheid se bevoegdheid wat sodaninge optrede regverdig.

Uiteindelik is gelet op die wapentuig wat die owerheid van die Republiek van Suid-Afrika genoodsaak was om ter hand te neem om die terreur en ondermyning die hoof te bied. Ons kontensie is dat dit noodsaaklik was, nie alleen sodat die bestaande orde in die Republiek van Suid-Afrika kan staande bly nie, maar ook sodat die Christelike regstaat sterk en doelgerig gehou kan word.

# HOOFSTUK I

## DIE REGSTAAT

Die inhoud van hierdie studie sal noodwendig gesien moet word teen die agtergrond van wat 'n regstaat is; die swaardmag wat tot die beskikking van die regstaat gestel is en die feit dat daar vaste grense gestel is waarbinne 'n owerheid moet optree.

Die normatiewe individualiteitstruktuur van die staats= verband is die staat na die wetsy, dit wil sê die bouplan van die staat soos dit, in onderskeiding van die partiku= liere bouplanne van ander lewensvorme, in die skeppingsorde gegee is. Die mens het nie die normatiewe struktuur van die staat ontwerp of uitgevind nie, en dit is ook nie in die mens ingelê of ingeskerp nie. Dus kom dit nie as vanself uit die mens voort nie. Dit is egter in die skeppingsorde aan die mens voorgeskryf en hy is geroepe om hom aan hierdie staatlike struktuurnorme in gehoorsaam= heid te onderwerp. Die normatiewe individualiteitstruktuur van alle veroorloofde lewensvorme, elk na sy eie aard, is ook in die wet van die Allerhoogste aan ons gegee en daarom

vind/

vind ook die staatsverband sy oorsprong in die Wet van God.[1]

Die ontstaan van 'n staat is altyd afhanklik van mens=like aktiwiteite en daarom is alle state die staat na die subjeksy.[2]

As verband, in onderskeiding van die gemeenskap- en maatskapstrukture, het die staat 'n permanente gesagstruk=tuur sowel as 'n solidêre eenheidskarakter onafhanklik die wisseling van sy lede. Dit is 'n permanente gesagstruktuur omdat die owerheid se gesag ononderbroke oor sy onderdane geld en 'n solidêre eenheidskarakter wat dieselfde staat laat voortbestaan.[3]

Voorts word elke staat deur twee struktuurfaktore beheers, naamlik: reg en mag. Albei is onontbeerlik, want 'n staat met reg, maar sonder mag, gaan ten gronde, omdat hy nie die reg na binne of na buite kan handhaaf nie.

Daarenteen/

---

1) Vgl. Strauss, H.J.: Staatsleer I Diktaat, Bloemfontein 1969, p. 13.

2) Vgl. Strauss, H.J.: op. cit., p. 13.

3) Vgl. Strauss, H.J.: op. cit., p. 16.

Daarenteen is 'n staat met magsoefening, maar sonder reg, glad nie meer 'n staat nie, maar 'n georganiseerde rowerbende.[4] Die mag wat die uitoefening van die reg moontlik maak, is die swaardmag. Die swaardmag van die owerheid dwing die onderdane om hulle aan die wette te onderwerp, om hulle volgens die regsreëls te gedra en om, as dit nie gedoen word nie, straf te ondergaan.

In onderskeiding van alle ander lewensvorme, is die staatsverband in die <u>historiese swaardmag</u> gefundeer, dit wil sê, histories-fisiese krag soos onder andere die polisiediens, gevangeniswese, verdedigingsmag, ens. Dus is staatsvorming altyd afhanklik van swaardmagvorming deur die betrokke gemeenskap of staatsvolk.[5]

Uit voorgaande is dit dus duidelik dat die regstaat 'n alles-oorkoepelende verband in juridiese sin is, wat met behulp van die swaardmag geroepe is om die veelheid van regsbelange op die staatsterritorium in harmonie te handhaaf en te beskerm.

Omdat/

---

4) Vgl. Spier, J.M.: <u>Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte</u>, (Afrikaanse vertaling deur H.J. en D.J.M. Strauss), p. 93.

5) Vgl. Strauss, H.J.: <u>op. cit.</u>, p. 20.

Omdat die staat geen universalistiese totaalverband is nie, vervul die regstaat die funksie van die swaardmag met behoorlike inagneming van die burgers se publiekregte=like en privaatregtelike burgervryhede.[6)]

Volgens prof. Strauss herberg die historiese swaard=magfundering van die staat die volgende belangrike impli=kasies vir die normatiewe taak van die staatsowerheid, naamlik:

- Dat in die geïndividualiseerde staat die ower=heid die monopolie het oor die swaardmag op sy staatsterritorium. Geen ander gesagdraer mag hom dus hierdie tipies staatlike bevoegdheid toe-eien nie en daarom is gewelddadige verset teen 'n regmatige owerheid in die geïndividualiseerde staat 'n anti-normatiewe handeling.

- Die swaardmagmonopolie van die owerheid impli=seer voorts dat slegs die owerheid met die dood mag straf en oorlog mag voer, want hierdie mag oor lewe en dood is geen ander gesagdraer ter hand gestel nie.[7)]

Calvyn/

---

6) Vgl. Wessels, H.A.: Die anti-kommunistiese wetgewing van die Republiek van Suid-Afrika, getoets aan die grondbeginsels van die Regstaat, Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, U.O.V.S., Bloemfontein 1969, p. 117.

7) Vgl. Strauss, H.J.: op. cit., p. 20.

Calvyn verbied onomwonde die reg van verset met wapen= geweld aan almal behalwe die magistratus populares. Volgens hom is die private persone nie van Godsweë met die swaardmag toegerus nie en kan die burgery hom nie verder wend as tot passiewe verset nie. Calvyn se siening is voorts dat die owerheid deur God ingestel is en verset teen die owerheid, is verset teen God.[8] Die burgery mag dus slegs in verset kom om God meer te gehoorsaam as die owerheid en om geen ander rede nie.

Wat die nie-staatlike lewensvorme betref, kan daar ook nooit sprake wees van aktiewe verset, in die sin van staat= like gewelddadige verset nie, omdat die nie-staatlike lewens= vorme nêrens iets soos swaardmag ter ondersteuning van gesag herberg nie.

Die owerheid kan voorts sonder 'n effektiewe swaard= magorganisasie nie die rus, veiligheid en vrede van sy burgery na binne en na buite handhaaf nie en daarom is die owerheid geroepe om die swaardmag voortdurend doeltref=

fend/

---

8) Vgl. van der Watt, L.: Die reg van Verset ('n Staats= filosofiese studie), ongepuliseerde M.A. Verhandeling, U.O.V.S., Bloemfontien 1963, p. 83.

fend in stand te hou. Indien die instandhouding daarvan verwaarloos word, tree die owerheid anti-normatief op.

Die grense vir die staatsgesag word gevind in die wil van God, omdat die owerheid slegs soveel gesag het as wat God aan hom toeken. Hier is dit dan ook waar enige owerheid kan sondig deur sy gesag ongebruik te laat of toe te eien wat hom nie toekom nie.[9)]

Die owerheid het vaste grense waarbinne hy moet handel, dit wil sê die owerheidsgesag is nie onbegrens nie.[10)] Dit vorm dus een van die skakels in die groot ketting, wat die hele samelewingsorde innerlik saambind. Die hoogste gesag in elke kring word deur die beginsel van soewereiniteit in eie kring beklemtoon, omdat dusdanige gesag slegs God bo dit erken.[11)] Indien die owerheid hom skuldig maak aan gesagsmisbruik of die grense van sy gesagsbevoegdhede oorskrei, kom die onderdane gewoonlik in verset.

Indien/

---

9) Vgl. Wessels, F.J.H.: Die Owerheidstaak, Ongepubliseerde D. Phil.-Proefskrif, U.O.V.S., Bloemfontein, 1957, p. 630.

10) Vgl. van der Watt, L.: op. cit., p. 50.

11) Vgl. Wessels, F.J.H.: op. cit., p. 630.

Indien dit sou gebeur dat die owerheid bevele uitvaar= dig wat lynreg indruis teen die Christelike beginsels, word dit die onderdaan nie alleen veroorloof nie, maar is hy ook verplig om nie daaraan uitvoering te gee nie. Wat hierdie gedagtegang betref, is dit in ooreenstemming met die stel= reël dat ons God meer gehoorsaam moet wees as die mens.[12)]

Daar word van 'n owerheid verwag om in algemene belang te regeer. Hierdie algemene belang is altyd die gedif= ferensiëerde regsbelangeveelheid in regsewewig en regs= harmonie. Daarom kan daar nooit van 'n regering in alge= mene belang in die totalitêre staat, soos byvoorbeeld die kommunistiese diktatuur, sprake wees nie. By hierdie verduideliking is die beginsel van enkaptiese vervlegting ook verantwoord, want die staatsverband en die nie-staatlike lewensvorme bestaan onderling vervleg op die staatsterritorium - elk nogtans soewerein in eie kring - want elke nie-staatlike lewensvorm behou sy eie interne reg terwyl die staat ook oor sy eie interne staatlike ver= bandsreg beskik.[13)]

Spier noem hierdie vervlegting "territoriale enkapsis"

en hy/

---

12) Vgl. van der Watt, L.: <u>op. cit.</u>, pp. 58 - 59.

13) Vgl. Strauss, H.J.: <u>op. cit.</u>, p. 22.

en hy sien dit as 'n taak van die owerheid van 'n regstaat om die regsbelange van alle gesinne, bedrywe, skole, kerke, persone, verenigings, ens. te harmonieer ten bate van die algemene belang.

> "Dit is geen owerheidstirannie of dwingelandy wat inmeng in die interne sake van verskillende selfstandige nie-staatlike lewensvorm nie, want dit behoort juis tot die owerheidstaak om die soewereiniteit in eie kring van alle lewensvorme ongeskonde te laat en tegelyk regtens te beskerm teen elke vorm van regskending deur wie ook al. 'n Owerheid wat aan hierdie eis voldoen, is 'n seën vir die ganse samelewing op die betrokke staatsterritorium."[14)]

Lewensvorme het nie hulle oorsprong in die owerheid nie. Elke lewensvorm het sy eie lewenswet en eie afgebakende terrein en maak aldus aanspraak op regte en vryhede en nie uit guns van die owerheid nie.[15)] Sodra die owerheid byvoorbeeld die ingeskape wette van die gesin aantas, oorskry hy dus ook sy bevoegdheidsgrense.

Die grensafbakening tussen staat en kerk is ewe-eens op die skeppingsorde gegrond. Vir die Rooms-Katoliek

beteken/

---

14) Spier, J.M.: op. cit., p. 110.

15) Vgl. Wessels, F.J.H.: op. cit., p. 631.

beteken dit egter die bo-natuurlike karakter van die kerk en die natuurlike karakter van die staat.[16] Hierdie siening hou juis die gevaar in dat die remmende invloed van soewereiniteit in eie kring en die funksie-vervulling van die staat in sy regsbestelling, oorboord kan gaan in grenslose diktatuur.

In die Christelike regstaat het al die nie-staatlike lewensvorme die reg om van die owerheid te eis dat hulle regsbelange beskerm sal word teen gesagsoorskreiding van andere. Al die nie-staatlike samelewingsvorme, binne 'n territoriale begrensde gebied, behou steeds hulle identiteit en soewereiniteit in eie kring. Hulle word net in 'n juridies-gekwalifiseerde enkaptiese verhouding tot die staat geplaas en nie in die verhouding van dele tot 'n ge= geheel nie.[17] Indien die owerheid oogluikend sou toe= laat dat die staatsonderdane mekaar onderling kwaad aan= doen, beteken dit dat die burgervryhede direk deur die ander instansies as die staatsowerheid, vernietig word.

Ten slotte/

---

16) Vgl. Wessels, F.J.H.: op. cit., p. 635.
Vgl. ook Taylor E.L.H.: The Christian Philosophy of Law, Politics and the State, p. 531.

17) Vgl. van der Watt, L: op. cit., p. 66.

Ten slotte bespreek ons burgervryheid en politieke medeseggenskap. Ten opsigte van die owerheid se gesags= bevoegdheid beteken burgervryheid slegs vry wees van on= regmatige owerheidsheerskappy met betrekking tot al ons nie-staatlike lewensfunksies, lewensvorme en kultuurgoedere. Ten opsigte van ons nie-staatlike lewe is ons dus nie aan bandeloosheid oorgegee nie, maar is wel gebonde aan nie-staatlike norme en nie-staatlike gesag.[18)]

Op hulle beurt moet die burgers nougeset waak teen die skending van hulle burgerlike vryhede. Die beskawings= mondige burgery, wat toelaat dat hulle owerheid hulle burger= vryhede vernietig, is besig om hulle ganse burgerlik-vrye lewe aan verstaatliking prys te gee. So gly hulle af op die weg van beskawingsverval as gevolg van oorgawe aan staatslawerny en dit is dan ook onteenseglik 'n anti-normatiewe gang van sake, omdat dit 'n verkragting is van die skeppingsbeginsel van soewereiniteit in eie kring en van die beskawingsontwikkelingsnorme.[19)] Beskawingsverval gaan gepaard met 'n religieuse wortel-verval,[20)] en daarom

verkeer/

---

18) Vgl. Strauss, H.J.: op. cit., p. 31.

19) Vgl. Strauss, H.J.: op. cit., p. 32.

20) Vgl. Wessels, F.J.H.: op. cit., p. i.

verkeer 'n land soms in 'n krisis as gevolg van 'n wortelont=aarding. Hierteenoor is dit die plig van die staat om in te gryp wanneer beskawingsverval plaasvind.

Om politieke medeseggenskap na behore te laat geld, moet die burgery oor die nodige publiekregtelike burger=regte beskik, naamlik, politieke spraak-, pers-, vergader- en organisasievryheid, asook politieke kritiek- en protes=reg. Voorts moet hulle oor die politieke kiesreg beskik.[21] Hulle protesreg geskied egter steeds binne die wet en oor=eenkomstig neergelegde reg. Dit sluit alle vorme van ge=weld radikaal uit.

Dit kan egter gebeur dat slegs 'n deel van 'n staat se burgery vir volle politieke medeseggenskap kwalifiseer. Vergelyk die posisie van Blankes en nie-Blankes in Suid-Afrika. Prof. Strauss laat hom soos volg hieroor uit:

> "Ook ten opsigte van die toekenning van politieke medeseggenskap, en die bepaling van die betrokke kwalifikasies, geld dus 'n normatief-vrye verantwoordelikheid waarin meer faktore as blote menswees verantwoord moet word, bv. minstens ook beskawingsverwant=

skap/

---

21) Vgl. Strauss, H.J.: op. cit., p. 34.

skap al dan nie en beskawingsportuurskap."[22]

Teen die agtergrond van hierdie hoofstuk let ons ver= volgens op die handhawing van staatsveiligheid in 'n reg= staat en wat daaruit voortvloei.



---

22) Strauss, H.J.: op. cit., p. 34.

# HOOFSTUK II

## DIE HANDHAWING VAN STAATSVEILIGHEID IN 'N REGSTAAT

### A. DIE BETEKENIS VAN STAAT

Om die begrip "staatsveiligheid" te kan begryp, is dit nodig om eers te let op die begrip "staat". Verloren van Themaat bied 'n beskrywing van 'n "staat", wat op hierdie studie van toepassing is, wanneer hy sê:

> "Staat kan omskryf word as 'n regspersoon bestaande uit 'n gemeenskap van mense wat op 'n bepaalde grondgebied onder 'n bepaalde gesag en volgens gemeenskaplike regsreëls lewe."[23)]

Ons gee ook Dooyeweerd se definisie wat die staat omskrywe as die monopolistiese organisasie van die swaard=mag op 'n bepaalde grondgebied.[24)] Juis hierdie definisie van Dooyeweerd beklemtoon die uitsluitlike monopolie van die staat op alle vorme van swaardmag.

DIE BETEKENIS/

---

23) Verloren van Themaat, J.P., e.a.: Staatsreg, p. 5.

24) Vgl. Dooyeweerd, H.: The Christian Idea of the State, p. 40.

## B. DIE BETEKENIS VAN STAATSVEILIGHEID

Wat die begrip "staatsveiligheid"betref, is dit noodsaaklik dat die begrippe staat en veiligheid nie van mekaar geskei moet word nie.

Volgens die Potgieter-verslag, betreffende die veiligheid van die staat, bied Chalmers en Asquith, Constitutional Law, 5de Uitgawe, p. 1, die beste omskrywing van "staat" en "veiligheid", naamlik:

> "A state is an independent political society occupying a defined territory/territories, the members of which are united together for the purpose of resisting external force and the suppression of internal disorder."[25)]

Hierdie groep mense, wat deur sekere faktore (wat hulle gemeenskaplik raak) saamgebind word in 'n bepaalde territoriale gebied, dit wil sê 'n "staat", sal hierdie gemeenskaplike binding - wat ook hulle gemeenskaplike belange raak - in verantwoordelikheid en orde kan uitleef. Dit is wel so dat hierdie groep hulle nie alleen wil beskerm en uitbou nie, maar ook ten alle koste wil poog

om die/

---

25) Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede betreffende die veiligheid van die Staat, p. 33.

om die veiligheid daarvan te verseker.

Na aanleiding van bogenoemde, en met Chalmers en Asquith se omskrywing van "staat" en "veiligheid", kan ons die beveiliging van die staat omskryf as die beskerming en handhawing van die heersende orde binne die struktuur van die staat deur moontlike eksterne vyandige magte of interne wanorde, terreur en ondermyning, uit te skakel en teen te werk en om sodoende die heersende maatskaplike, politieke en ekonomiese orde te verseker en van ondergang te red.

Dit is vanselfsprekend dat 'n groep mense wat deur gemeenskaplike belange en faktore saamgebind word, nie in alle opsigte eendersdenkend kan wees nie. 'n Regstaat word regeer deur 'n owerheid, wat die meerderheid van die bevolking verteenwoordig, en daarom is dit noodsaaklik dat daar binne elke staatsverband sekere elemente en instansies moet wees wat deur middel van orde, dissipline, ens. die voortbestaan van die heersende orde verseker. As gevolg hiervan het die owerheid, met die swaardmag tot sy beskikking, die primaat in die bewaring, handhawing en versekering van staatsveiligheid.

TERREINE/

## C. TERREINE WAAROP DIE STAATSVEILIGHEID BEDREIG WORD

Die Republiek van Suid-Afrika het talle vyande wat hulle aanslag op verskillende terreine gelyktydig toespits om die bestaande orde hier te lande omver te werp.

Die staat se veiligheid kan op verskillende terreine van buite of van binne in gevaar gestel word, bv. militêr, politiek, ekonomies, maatskaplik, opvoedkundig, sielkundig - en dit deur subversie, terrorisme, sabotasie, spioenasie, ens. 'n Aanslag op elk van hierdie terreine is 'n aanslag op die veiligheid van die staat. Sommige leen hulle uiteraard meer tot 'n aanslag van buite, soos die militêre, politieke en ekonomiese terreine. Ander leen hulle egter meer tot 'n aanslag van binne, bv. terrorisme, subversie, sabotasie en spioenasie. Van hierdie aanslae van binne kan ook van buite aangewend word en omgekeerd.[26)]

Die handhawing van staatsveiligheid is vir enige owerheid 'n kardinale of fundamentele verantwoordelikheid. Volgens die Kommissie van Ondersoek kan staatsveiligheid

slegs/

---

26) Vgl. Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede betreffende die veiligheid van die Staat, p. 33.

slegs gehandhaaf word indien genoegsame inligting bekombaar is en veral om die volgende redes:

"(a) om die bedreiging of potensiële bedreiging van die staatsveiligheid te bepaal en, in dié verband, om die vyand of potensiële vyand, asook die terrein waarop die bedreiging bestaan, te identifiseer, soos byvoorbeeld die politieke, militêre, ekonomiese of maatskaplike terrein;

(b) om die kwesbaarheid en vermoëns van die geïdentifiseerde vyand of potensiële vyand te bepaal; en

(c) om die instansies wat moet besluit hoe die bedreiging of potensiële bedreiging voorkom of bekamp moet word, in staat te stel om 'n voor=komings of bekampingsbeleid te formuleer en, waar operasioneel teen die bedreiging opgetree moet word, om die instansies wat wetlik met operasionele optrede belas is, in staat te stel om daardie funksies te verrig."[27)]

Die owerheid is dus verplig om die sekerheid en integriteit van die staat teen subversie te beskerm, om toe te sien dat staatsgeheime teen spioenasie beskerm word, om te verseker dat die beleid nie deur heimlike en koverte dade beïnvloed sal word nie en dat die gesag nie deur on=konstitusionele aksies afgetakel sal word nie.

VEILIGHEIDSORGANISASIES/

---

27) Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aange=leenthede betreffende die veiligheid van die Staat, p. 28.

D. VEILIGHEIDSORGANISASIES IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA[28)]

Regter Potgieter omskryf "veiligheidsorganisasies" in die Republiek van Suid-Afrika as: "Buro vir Staatsveilig= heid, Direktoraat van Militêre Inligting in die Departement van Verdediging en die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie." In hierdie verband het die woord "veiligheids= organisasies" ook die betekenis van 'n organisasie wat met die veiligheid van die staat gemoeid is. In hierdie sin is die Buro en die Direktoraat van Militêre Inligting passief gemoeid met die veiligheid van die staat, terwyl die Veiligheidspolisie passief en operasioneel gemoeid is met die veiligheid van die staat.

Vervolgens verwys ons kortliks na die geskiedenis en ontwikkeling van die inligtingsgemeenskap in die Republiek van Suid-Afrika:

Tot om en by 1947 was daar feitlik geen binnelandse inligtingsdiens in Suid-Afrika nie. Geen inligting is ingesamel betreffende die kommunisme, sabotasie of subversie

nie./

---

28) Vgl. Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aan= geleenthede betreffende die veiligheid van die Staat, pp. 4 - 13.

nie. Alle misdrywe teen die staat gepleeg, is deur die Speurafdeling van die Suid-Afrikaanse Polisie ondersoek.

Eers na 1947, met die koms van 'n nuwe bedreiging, naamlik die kommunisme, is daar 'n afsonderlike en ge= spesialiseerde vertakking binne die Suid-Afrikaanse Polisie gestig. Aanvanklik is dit "spesiale tak" genoem - en etlike jare daarna verander na dié van Veiligheidspolisie.

Gedurende 1960 het die Sharpville- en Langa-episodes plaasgevind en skaars 'n jaar later het die ondergrondse Kommunistiese Party, Umkhonto We Sizwe, en ander kommunis= ties-beheerde organisasies, begin met 'n reeks sabotasie= aanslae as deel van 'n veldtog om die bestaande gesag in Suid-Afrika feitlik geheel en al met geweld omver te werp. Bomontploffings het van dié tyd af sporadies in baie dele van die land voorgekom. Na die her-organisasie van die Veiligheidspolisie gedurende 1963, is sabotasie in Suid-Afrika feitlik geheel en al uitgewis.

Gedurende 1960 is die Direktoraat van Beplanning, Operasies en Opleiding gestig. Binne hierdie liggaam is die Direktoraat van Militêre Inligting (D.M.I.) gevestig, wat los van die Weermag gefunksioneer het.

Inligting/

Inligting wat deur bogenoemde twee organisasies aan die regering oorgedra is, was egter slegs "departementele inligting" en nie "nasionale inligting" nie. Dit was volgens die Kommissie onbevredigend. Regter Potgieter gee die volgende redes:

a) elkeen van die departmente het die inligting wat hy ingesamel het uit sy eie oogpunt gesien;

b) die twee organisasies het nie oor dieselfde stel feite beskik nie; en

c) hulle het nie dieselfde klem op dieselfde feite gelê nie.

Hierna het daar 'n behoefte ontstaan vir die daar= stelling van 'n sentrale inligtingsorganisasie en die Staatsveiligheidskomitee is in die lewe geroep. Dit het egter nie na wense gefunksioneer nie, vanweë die afwesig= heid van 'n permanente liggaam wat ononderbroke aandag aan die versameling en evaluering van veiligheidsinligting kon gee. Die werkskomitee is toe vervang deur 'n Inligtings= koördineringskomitee, wat ook nie suksesvol was nie.

Gedurende 1966 is die benaming Staatsveiligheidskomitee verander na Staatsveiligheidsadviesraad (S.V.A.R.) Laas= genoemde se funksies was onder meer:

a) om kennis te neem van enige inligting be=treffende die veiligheid of bedreiging daarvan, van die Republiek en om in dié verband sodanige opdrag, as wat die Eerste Minister mag gee, uit te voer;

b) enige saak wat, na sy mening, 'n bedreiging vir die veiligheid van die Republiek is of kan wees, te ondersoek of te laat ondersoek en verslag daaromtrent aan die Eerste Minister te doen.

Hierdie komitees het egter ook nie voldoen aan die eise van 'n doeltreffende inligtingsdiens nie en teen die helfte van 1968 het dit duidelik geword dat die aangewese oplossing geleë is in die skepping van 'n sentrale inlig=tingsorgaan, wat met insamelingsbevoegdhede beklee moes word en beman moes word deur inligtingsdeskundiges op politieke, ekonomiese, militêre, etnologiese en ander toepaslike terreine.

Op 1 Mei 1969 het die Staatspresident, kragtens artikel 20 (1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, sy goedkeuring geheg aan die instelling, van 1 Mei 1969 af, van 'n staatsdepartement wat bekend sal staan as die Buro vir Staatsveiligheid. By Goewerments=kennisgewing No. 808 van 1969, is die instelling van dié departement afgekondig, wat soos volg lui:

"Departement/

"Departement van die Eerste Minister."

Funksies wat die Buro verrig is om alle aangeleent=hede wat die veiligheid van die staat raak te ondersoek, die inligting wat ingewin word te korreleer en te evalueer en om die regering, belanghebbende staatsdepartemente en ander instansies, waar nodig, daaromtrent in te lig en te adviseer.

Hierdie hoofstuk kan ons saamvat deur 'n berig in Die Burger van 24 Mei 1969 aan te haal:

> "Ons eie spioene het tot dusver onafhanklik gewerk en aan drie verskillende departemente verantwoording gedoen. Die Militêre Inligting het deur die Kommandant-Generaal van die Weermag aan die Minister van Verdediging verslag gedoen, die buitelandse afdeling het aan die Minister van Buitelandse Sake verslag gedoen en die Veiligheidspolisie het aan die Minister van Polisie verslag gedoen ... Dit het nodiger as ooit geword om ons inligtings-departemente te koördineer en aan die Eerste Minister verant=woordelik te maak. Vir dié doel is die Buro vir Staatsveiligheid gestig ...
>
> Suid-Afrika is een van die min lande waar die twee verskillende soorte spioenasiewerke in een organisasie is. Die meeste westerse lande het

twee verskillende organisasies vir militêre en politieke spioenasie. Net Rusland se spioene op dié twee gebiede werk vir dieselfde organisasie (hoewel in 2 verskillende afdelings.) Spioena= siedienste is niks nuuts nie en Suid-Afrika het nou toegetree tot 'n lang lys van lande wat reeds spioenasiedienste het. Die oudste van hulle almal is die Britse M.I.5 wat in 1909 deur Genl. Sir Vernon Kell gestig is. Ander voorbeelde is die huidige K.G.B. van Rusland, die Ameri= kaanse geheime diens - C.I.A., die Franse Deuxieme Bureau en die Duitse Gehlens's Bureau.

Spioenasie is byna die tweede oudste speletjie in die wêreld en die Jode het in die dae toe hulle die eerste keer uit Egipte gevlug het al die eerste spioene ("bespieders") na Kanaän gestuur om verkenningswerk te doen.

Sedert die bespieders Kanaän binnegegaan, die land deurgekyk en 'n tros druiwe teruggebring het, het die wêreld ver gevorder met maniere om inligting te bekom."[29)]

E. <u>SLOT</u>

'n Staat kan as veilig beskou word wanneer sy grond= gebied, bevolking, soewerein onafhanklike regering en sy

mag/

---

29) Die Burger, "S.A. Spioene Trek Laer in Nuwe Organi= sasie", p. 1 & 7.

mag waarmee hy hom beskerm, vry is van gevaar, bedreiging of inmenging van buite of van onkonstitusionele veranderings van binne en indien dit wel bestaan of beplan word, oor die nodige vermoëns beskik om dit doeltreffend te voorkom of te bekamp.

Net soos elke onderdaan die reg het op die onskendbaarheid van sy persoon, het die staat ook die reg om homself te beskerm teen terreur en ondermyning wat sy veilige en ordelike voortbestaan mag bedreig. Wanneer die regte, vryhede en belange van die individu met dié van die staat bots, kom die belange van die staat eerste.

Omdat die staat in die historiese swaardmag gefundeer is, is daar geen staat denkbaar sonder die organisasie van sy gewapende mag wat ten minste voorgee om by magte te wees om alle gewapende teenstand van persone of organisasies op sy staatsterritorium effektief te onderdruk nie. Soos reeds in die vorige hoofstuk gemeld, is die owerheid geroepe om die swaardmag binne sy landsgrense voortdurend te vorm en te handhaaf, want sonder 'n effektiewe swaardmag kan hy nie behoorlik vrede en veiligheid vir die burgery handhaaf nie.

Diegene/

Diegene wat beweer dat die daarstelling van die Buro vir Staatsveiligheid die keerpunt in die geskiedenis van die "rule of law" en demokrasie in Suid-Afrika is,[30] verkeer geheel en al in onkunde ten opsigte van die regte van 'n regstaat.

Vervolgens gaan ons let op die misdade wat teen die staat gepleeg kan word en waarmee die genoemde Veiligheids=organisasies te kampe het.



---

30) Vgl. Debatte van die Senaat van die Republiek van Suid-Afrika, 1969, p. 3930, waar Senator Rall hom soos volg uitgelaat het:

"Die daarstelling van hierdie Buro vir Staatsveilig=heid kan in die toekoms beskou word as 'n belangrike stap wat die Regering gedoen het in belang van die veiligheid van die staat. Aan die anderkant mag dit beskou word as die keerpunt in die geskiedenis van die "rule of law" en demokrasie in Suid-Afrika.

As 'n mens in ag neem watter magte alles teen ons land ingespan word, kan die skepping van hierdie Buro straks geregverdig word, maar die probleem is hoe ons as demokrate kan seker maak dat veiligheidsinligtings=apparaat nie 'n vervoermiddel vir samesweerders of 'n onderdrukking van tradisionele vryheid word nie."

# HOOFSTUK III

## MISDADE WAT TEEN DIE STAAT GEPLEEG KAN WORD

### A. INLEIDING

Die misdade wat teen die staat gepleeg kan word, kan in twee kategorië ingedeel word, naamlik gemeenregtelike misdade en wetteregtelike misdade. Misdade wat onder eersgenoemde groep ressorteer is:

Hoogverraad,
Crimen laesae maiestatis,
Crimen laesae venerationis,
Sedisie,
Geweld.

Misdade teen die staat wat onder laasgenoemde groep ressorteer is:

Misdade ingevolge die Wet op Kommunisme,
Misdade ingevolge die Wet op Oproerige Byeenkomste,
Bevordering van rassevyandskap,
Sabotasie,
Terrorisme.

Vervolgens word hierdie misdade teen die staat kortliks bespreek.

## B. HOOGVERRAAD

Volgens De Wet en Swanepoel is hoogverraad 'n wederregtelike handeling van 'n Suid-Afrikaanse burger of 'n persoon wat hom in die Republiek bevind, om die bestaan, onafhanklikheid, veiligheid of rus van die Republiek met vyandelike opset te versteur, bedreig, omver te werp of in gevaar te stel.[31)]

Die volgende is voorbeelde van hoogverraad soos by geleentheid deur ons howe beslis:

> Wanneer inligting, wat van militêre belang is aan 'n vyandskonsul gestuur word.
>
> Deelname daaraan, om die staat omver te werp en om 'n Nasionale-sosialistiese staat onder die beskerming van die vyand te stig; die opblaas van geboue; die diefstal van vuurwapens; inverbindingtree met die vyand van die land; die versuim om inligting dat hoogverraad gepleeg of gepleeg gaan word, aan die owerheid mee te deel.
>
> Om gedurende 'n oorlog jou eie land te verlaat en in die land van die vyand te gaan woon.
>
> Die voorbereiding en uitsaai van propaganda vir die vyand.[32)]

CRIMEN/

---

31) Vgl. De Wet, J.C., e.a.: Die Suid-Afrikaanse Strafreg. p. 531.

32) Vgl. De Wet, J.C., e.a.: op. cit., p. 535 - 540.

C. CRIMEN LAESAE MAISTATIS

Hierdie misdaad is die wederregtelike, opsetlike aan=tasting van die staatsgesag of staatsveiligheid.[33] Die gemeenskaplike element tussen hierdie misdaad en die voor=gaande hoogverraad lê in die opset, naamlik dat albei die maiestas skend. Hierdie twee misdade kan met dieselfde handeling verrig word. By hoogverraad is die handeling egter gerig op die totale uitskakeling van die kern van die maiestas wat dit handhaaf.[34]

D. CRIMEN LAESAE VENERATIONIS

Dit is die wederregtelike, opsetlike aantasting van die goeie naam en waardigheid van die staat.[35]

E. SEDISIE (OPROER)

Sedisie kan kortliks omskryf word as die wederregtelike,

opsetlike/

---

33) Vgl. De Wet, J.C., e.a.: op. cit., p. 548.

34) Vgl. De Wet, J.C., e.a.: op. cit., p. 554.

35) Vgl. De Wet, J.C., e.a.: op. cit., p. 555.

opsetlike toeloop van 'n aantal persone tot geweldddadige aantasting van of weerstandbieding teen die staatsgesag.[36]

F. <u>GEWELD</u>

Openbare geweld kan omskryf word as die wederregtelike, opsetlike versteuring van die openbare rus en vrede deur die gewelddadige optrede van 'n groep mense.[37]

G. <u>SABOTASIE</u>

Die misdaad sabotasie,[38] is een van die ernstigste misdade wat teen 'n staat gepleeg kan word. Die misdaad is so omvattend dat dit nie doenlik is om dit kortliks te probeer omskryf nie.

Volgens De Wet en Swanepoel kan sabotasie in drie hoofgroepe van handelinge ingedeel word,[39] naamlik:

Eerste/

---

36) Vgl. De Wet, J.C., e.a.: *op. cit.*, p. 556.

37) Vgl. De Wet, J.C., e.a.: *op. cit.*, p. 558 - 559.

38) Vgl. Art. 23 van die Algemene Regswysigingswet, Wet 76 van 1962.

39) Vgl. De Wet, J.C., e.a.: *op. cit.*, pp. 90 - 93.

Eerste Groep

Iedere wederregtelike en opsetlike daad waardeur iemand,

a) die gesondheid of veiligheid van die publiek;
b) die handhawing van wet en orde;
c) enige watervoorraad;
d) die verskaffing of verspreiding op enige plek van lig, krag, brandstof, voedselware of water, of van sanitêre, mediese of brandweerdienste;
e) enige pos-, telefoon- of telegraafdienste of -instellings, of radio-oorsendings-, radio-uitsaai-, of radio-ontvangdienste of -installasies;
f) die vrye beweging van verkeer op land, ter see of in die lug;
g) enige eiendom, hetsy roerend of onroerend, van 'n ander persoon of van die staat, beseer, beskadig, vernietig, nutteloos of onbruikbaar maak, buite werking stel, dwarsboom of belemmer, of daaraan peuter, dit besoedel, besmet of in gevaar stel, pleeg sabotasie.

Tweede Groep

Iemand wat,

a) poog om een van die voorgaande handelinge te pleeg,
b) of met iemand anders saamsweer by die pleeg van een van die vooorafgaande handelinge of daarmee be= hulpsaam te wees of dit te bewerkstellig of te pleeg,
c) of ander uitlok, aanstig, beveel, hulp verleen, aanraai, aanmoedig of verkry om een van die vooraf= gaande handelinge te pleeg, pleeg sabotasie.

Derde/

Derde Groep

Iemand wat in stryd met die een of ander wetsbepaling enige,

a) ontplofbare stowwe, of

b) vuurwapen of wapen besit, of

c) enigé grond of gebou of deel van 'n gebou betree of daarop is met die doel om een van die oogmerke van die handelinge in die eerste groep hiervoor teweeg te bring, pleeg sabotasie.

H. TERRORISME

Terrorisme word gepleeg deur iemand wat:

a) met die opset om die handhawing van wet en orde in die Republiek van Suid-Afrika in gevaar te stel, in die Republiek of elders 'n daad te pleeg of poog om dit te pleeg, of met 'n ander persoon saamsweer om by die pleeg van 'n daad behulpsaam te wees of dit te bewerkstellig of te pleeg, of 'n ander persoon uitlok, aanstig, beveel, hulp verleen, aanraai, aanmoedig of verkry om 'n daad te pleeg; of

b) in die Republiek van Suid-Afrika of elders op=

leiding ontvang wat van nut sou kon wees vir 'n persoon wat die ingevaarstelling van die handhawing van wet en orde beoog, of poog, inwillig of stappe doen om bedoelde opleiding te ontvang, of 'n ander persoon uitlok, aanmoedig of verkry om bedoelde opleiding te ontvang, en wat in ge= breke bly om bo redelike twyfel te bewys dat hy nie bedoelde opleiding ontvang het of gepoog, ingewillig of stappe ge= doen het om dit te ontvang, of bedoelde ander persoon uit= lok, aanstig, beveel, hulp verleen, aanraai, aanmoedig of verkry het om bedoelde opleiding te ontvang met die doel om dit te gebruik of laat gebruik om 'n daad te pleeg, wat gevolge in die Republiek van Suid-Afrika of gedeelte daarvan gehad het of waarskynlik kon gehad het, naamlik:

i) om die handhawing van wet en orde te bemoeilik of om 'n persoon af te skrik om daarmee behulpsaam te te wees;

ii) om deur vreesaanjaging die verwesenliking van die een of ander oogmerk te bevorder;

iii) om algemene ontwrigting, stoornis of wanorde te veroorsaak of te bevorder;

iv) om 'n nywerheid of onderneming of nywerhede of ondermenings oor die algemeen of die produksie of verspreiding van handels- of voedselware op enige plek te verlam of te benadeel;

v) om/

v) om 'n opstand of gewelddadige verset teen die regering of die Administrasie van die gebied te veroorsaak, aan te moedig of te bevorder;

vi) om die verwesenliking van 'n politieke doelstelling, met inbegrip van die teweegbring van 'n maatskaplike of ekonomiese verandering deur geweld of op geweld=dadige wyse of deur tussenkoms van of ooreenkomstig die voorskrifte van of onder leiding van of in samewerking met of met die hulp van 'n buitelandse regering of 'n buitelandse of internasionale liggaam of instelling, te bevorder of aan te moedig;

vii) om 'n persoon ernstige liggaamlike letsels toe te dien of om die veiligheid van 'n persoon in gevaar te stel;

viii) om 'n persoon of die staat aansienlike geldverlies te berokken;

ix) om vyandiggesindheid tussen die Blanke en ander inwoners van die Republiek te veroorsaak, aan te moedig of te bevorder;

x) om die verskaffing of verspreiding op enige plek van lig, krag, brandstof, alle dienste, ens., in gevaar te stel, te onderbreek, nutteloos of onbruik=baar te maak of buite werking te stel;

xi) om die vrye beweging van verkeer op land, ter see of in die lug te belemmer of in gevaar te stel;

xii) om die administrasie van landsake te bemoeilik.[40)]

SLOT/

---

40) Vgl. Wet 83 van 1967.

## I. SLOT

Misdade ingevolge die Wet op Kommunisme, misdade ingevolge die Wet op Oproerige Byeenkomste en bevordering van rassevyandskap is ook misdade wat teen die staat gepleeg kan word, maar dit word in 'n latere hoofstuk behandel.

Uit genoemde wetgewing blyk dit duidelik dat sommige handelinge wat as dade van terrorisme geklassifiseer kan word, onder gunstige omstandighede ook as hoogverraad aanklaagbaar sal wees. Voorts is die misdryf "terrorisme" ook in baie opsigte identies met of soortgelyk aan die misdryf sabotasie. Vergelyk in hierdie verband ook die anti-kommunistiese wetgewings wat ons later sal bespreek. Daar bestaan dus in 'n groot mate oorvleueling wat heeltemal onnodig blyk te wees.

Soos die tye verander het, en die reg ontwikkel het, het die wetgewing ten opsigte van die misdade teen die staat onveranderd gebly, met ander woorde, bestaande wetgewing het onveranderd gebly terwyl daar elke keer nuwe wetgewing gepasseer is om bykomende misdade te betrek. Ons kan onsself die vraag afvra of die tyd nie nou aangebreek het om alle misdade teen die staat onder een wet te konsolideer nie.

In die volgende hoofstuk gee ons aandag aan verskeie organisasies wat gepoog het, of nog poog, om die bestaande orde in die Republiek van Suid-Afrika tot 'n val te bring.

HOOFSTUK IV/

# HOOFSTUK IV

## STUDENTEOPSTANDIGHEID AS MIDDEL VAN POLITIEKE GEWELD, REVOLUSIE EN ONDERMYNING

### A. INLEIDING

Die jeug, waaronder ook studente, het 'n magtige wapen geword wat aangewend kan word tot voordeel van diegene wat daarin kan slaag om dit te hanteer.

Dit was veral Lenin en Trotsky wat baie waarde geheg het aan die studente as bron van invloed in die vooruitgang en bevestiging van die kommunisme.[41)]

Volgens dr. Fred Schwarz het die kommuniste China in vyf duidelike stappe verower, waarvan hy die volgende twee as die belangrikste beskou:

a) Die verowering van die studentemening en

b) die oplê van amptelike kommunistiese Partytake aan studente.[42)]

a) Die/

---

41) Vgl. Nel, G.E.P.: Kommunistiese Infiltrasie: 'n Ontleding van die Taktiek in Teorie en Praktyk, Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1973, p. 40.

42) Vgl. Schwarz, F.: The Five Basic Steps to Communism, pp. 42 & 43.

a) Die verowering van die studentemening

Die geskiedenis het geleer dat, alhoewel die kommunisme aangebied word as 'n saak vir die eenvoudiges en ondergeskiktes, byna al hulle uitstaande leiers uit die geledere van die bevoorregtes en opgevoedes kom. Die sterkste aantrekkingskrag in elke volk is, volgens dr. Schwarz, gevind in die middelklas studentegroep, eerder as onder die loontrekkers. Die Marxistiese program, met sy belofte van 'n duisendjarige vredesryk, het nog altyd 'n buitegewone betowering vir die jong, idealistiese studentegees gehad.

Die redes waarom die kommunisme so 'n aantrekkings=krag vir die studente het, sien dr. Schwarz daarin dat hulle geleer is om kapitalisme te haat; dat hulle op=leiding heeltemal materialisties is; voorts dat hulle verslaaf is aan die alvermoë van die wetenskaplike teg=nieke. Bowendien is hulle verlei deur die belofte dat die kommunisme, wanneer dit die wêreld verower het, die mensdom sal regenereer en tot 'n nuwe lewe bring.

b) Die/

b) Die oplê van amptelike kommunistiese Party-take aan studente

Dr. Schwarz sê voorts dat sodra studente en in= tellektueles tot lede van die Kommunistiese Party oorge= haal is, word hulle spoedig in uitvoerende hoedanighede ingedruk om deeltydse rolle te vervul. As gevolg van die persone se, gewoonlik superieure, intellektuele ver= moë, bereik hulle dikwels die toppunt van die Party.

Die besondere karaktereienskappe van studente, soos hulle revolusionêre, idealistiese en ambisieuse gees, asook hulle ongeërgdheid, traak-my-nie-agtigheid en be= geerte om die huidige wêreld te verbeter, maak hulle vir die kommuniste besonder manipuleerbaar. Die kommunisme word vir die jeug aantreklik gemaak deurdat dit besondere uitdagings en geleenthede bied, naamlik om die nuwe ge= luksalige kommunistiese gemeenskap te stig en te beves= tig.[43)]

Dit is egter duidelik dat die jeug, wat 'n oormag van getalle in die verskillende bevolkings oor die hele wêreld begin kry, 'n drukgroep kan vorm wat besondere invloed op

die politieke/

---

43) Vgl. Nel, G.E.P.: op. cit., p. 40.

die politieke en ekonomiese toestande plaaslik, sowel as op die internasionale gebied kan uitoefen.[44]

Moderne Marxiste, soos Herbert Marcuse, het (anders as Marx) ingesien dat dit die afgelope tyd so goed gaan met die werkers dat hulle glad nie meer in 'n revolusie belangstel nie. Hy het toe besluit dat die klassestryd nie meer tussen die werkers en die werkgewers is nie, maar nou wel tussen, aan die een kant, die intelligentsia, dit is die studente, en aan die anderkant die sogenaamde "establishment."[45] Die Proletariaat van die Wêreld, soos geformuleer deur Marx, en wat moes verenig om die revolusie te begin, het nou die "Students of the World" geword. Die revolusie as ideaal, bly egter die vereiste en word nog net so vurig nagestreef.[46]

Hierdie nuwe wending van Marx se teorie het egter ook in Suid-Afrika sy beslag gekry soos duidelik waargeneem kan word in die volgende artikel wat verskyn het in die

University/

---

44) Vgl. Nel, G.E.P.: op. cit., p. 40.

45) Vgl. van den Bergh, H.J.: Die Veiligheid van ons land en die bydrae van die studente, Toespraak tydens 'n leierskursus aan die P.O.K. op 18/1/1971, p. 11.

46) Vgl. Van den Bergh, H.J.: op. cit., p. 11.

University Christian Movement se lyfblad One For The Road:

> "The only revolutionary class left in the Western world today is the community of students ...
>
> The proletariat, the "workers" of pre-revolutionary Europe, have had their day. They are a spent force with regard to social change, without identity or true political potential ...
>
> Nevertheless it is not simply the case that the revolutionary forces which first revealed themselves to the world at the beginning of this century in the fantastic phenomenon of Marxism are spent. Rather it is true to say that they have passed into the hands of a new section of society. This new spearhead for social change is none other than the world-wide community of students ...
>
> The student community is revealed as the only group that has not sold out to the technocratic bureaucracy of the industrialised society, the only group that still retains the momentum of revolution."[47)]

Die skrywer van hierdie artikel, Augustine Shutte, 'n Katolieke priester van Stellenbosch, beklemtoon dit egter dat Marx kan vergeet van die werkers omdat hulle

nie meer/

---

47) One for the Road, Lyfblad van U.C.M., Vol. 0, No. 0, June 1968.

nie meer 'n revolusie wil hê nie. Die enigste groep, vol= gens hom, tot wie die kommunis hom moet wend om die re= volusie te laat ontbrand, is die studentegemeenskap.

Van 1971 af het studente-radikaliste in Suid-Afrika, asof hulle besef het dat hulle hul tyd verspeel het, met 'n onbekende fanatisme ondergronds en soms ook bogronds gewerk aan 'n program van politisering van die kampusse.[48)] Prof. Duvenage het hom daaroor soos volg uitgelaat:

> "'n Alternatiewe strategie van die aktivis impliseer 'n diskreditering van die admini= strasie deur dit voor te stel as onredelik, onverdraagsaam, onbekwaam of baasspelerig. Die protesteerders moet dan in die oë van die toeskouers as die verontregtes bekend staan."[49)]

Die afgelope paar jaar het studente in Suid-Afrika begin om protesoptogte te hou en verskeie van hierdie optogte het op geweld uitgeloop. Cantor sien protes as

> " ... an attack upon the prevailing system in an intellectual or organized way ...

Protest/

---

48) Vgl. Duvenage, S.C.W.: <u>Studenteopstandigheid as middel van politieke geweld en rewolusie</u>, Toespraak tydens die 1973 simposium aan die Potchefstroom Universiteit vir C.H.O., p. 29.

49) Duvenage, S.C.W.: <u>op. cit.</u>, 29.

> Protest uses violence, but it is strictly controlled and specific in its purposes - the seizure of a building, a riot, a political assassination - designed to shock and bewilder the elite and to advertise a grievance."[50)]

Soos reeds gemeld, het openlike konfrontasie met universiteitsowerhede, die polisie en die regering eers gedurende die afgelope paar jaar in Suid-Afrika begin. Verlede jaar het verskeie Engelse en nie-Blanke opvoed=kundige inrigtings onluste ondervind en vanjaar het dit so ver gegaan as die sluiting van die Universiteit van Wes-Kaapland.

Die feit dat openlike konfrontasie nou eers uitge=breek het, wil egter geensins sê dat ondergrondse voor=bereiding en sporadiese openlike agitasies nie reeds lankal aan die gang was nie. Die skokonthulling van die verslag van die Schlebuschkommissie, wat later behandel sal word, is hiervan genoegsame bewys.[51)]

Die volgende drie organisasies kan in Suid-Afrika beskou word as die belangrikste drukgroepe van die

politieke/

---

50) Cantor, N.F.: The Age of Protest, p. 13.

51) Vgl. Duvenage, S.C.W.: op. cit., p. 28.

politieke studenteopstandigheid onder Blank en nie-Blank, naamlik: Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS), University Christian Movement (UCM) en South African Students Organisation (SASO). Die bedrywighede van hierdie organisasies het die veiligheid van die staat dusdanig in gedrang gebring, dat die owerheid ingegryp het deur 'n Kommissie van ondersoek na sekere organisasies in te stel.

## B. KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA SEKERE ORGANISASIES

Op 4 Julie 1972 is 'n Kommissie van ondersoek na sekere organisasies aangestel deur Adv. J.T. Kruger, adjunk-minister van Polisie, wat ook gedien het as lid en voorsitter van die Kommissie.[52)]

Ingevolge Goewermentskennisgewing No. 1238 van 14 Julie 1972[53)] is die Kommissie van ondersoek na sekere

organisasies/

---

52) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van Ondersoek na sekere organisasies, p. 1, par. 1.1.

53) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, p. 1, par. 1.6.

organisasies aangekondig. By Proklamasie No. 164 van 1972 is die bepalings van die Kommissiewet, 1947, op die Kommissie van toepassing gemaak en regulasies uitgevaar=dig.[54]

Op 1 Augustus 1972 is Mnr. A.L. Schlebusch,[55] L.V., as voorsitter in die plek van Adv. J.T. Kruger aangestel.

Die Kommissie se opdrag lui soos volg:

"1. Om ondersoek in te stel na en, met inagneming van die getuienis, memoranda en bewysstukke wat aan die Parlementêre Gekose Komitee oor sekere organisasies voorgelê is, verslag te doen oor -

a) die doelstellings, organisasie en finansiering van die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente, die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings, die University Christian Movement, die Christelike Instituut van Suidelike Afrika en enige verwante organi=sasies, liggame, komitees of groepe van persone;

b) die/

---

54) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, p. 1, par. 1.6.

55) Na Mnr. Schlebusch se aanstelling het die Kommissie bekend gestaan as die Schlebuschkommissie.

b) die bedrywighede van voormelde organisasies, liggame, komitees of groepe van persone en die regstreekse of onregstreekse gevolge of moontlike gevolge van daardie bedrywighede;

c) die bedrywighede van persone in en in ver= band met voormelde organisasies, liggame, komitees of groepe van persone en die reg= streekse of onregstreekse gevolg of moont= like gevolge van daardie bedrywighede en

d) enige verwante saak wat onder die aandag van die Kommissie kom en wat na sy oordeel ondersoek vereis.

2. Om, indien dit met die oog op die Kommissie se bevinding nodig blyk te wees, aanbevelings te doen."[56)]

In sy verslag sê die Schlebusch kommissie,

" ... dat NUSAS nie in sy optrede en beleid die studente van Suid-Afrika of van sy geaffilieerde kampusse verteenwoordig nie, maar dat sy leiers= groep NUSAS as kunsmatige platvorm gebruik waar= vandaan hulle na willekeur radikale beleid en optrede na die een kant in die naam van die studente en na die ander kant teenoor studente, kan verkondig en aanmoedig."[57)]

Ons/

56) Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, p. 1, par. 1.4.

57) Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies p. 64, par. 4.13.4.

Ons wil derhalwe in die volgende afdeling aandag skenk aan NUSAS, UCM en SASO. Ons let eerstens op hulle struk= ture en daarna op doelstellings en aktiwiteite.

## C. DIE STRUKTUUR EN ROL WAT LINKSE ORGANISASIES OP SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITSKAMPUSSE SPEEL

### 1. NASIONALE UNIE VAN SUID-AFRIKAANSE STUDENTE (NUSAS)

#### (a) Historiese agtergrond

NUSAS is gedurende Julie 1924 te Bloemfontein gestig met Leo Marquard as eerste president. Die volgende agt (destyds Blanke) universiteitskolleges het aan die stigtingsvergadering deelgeneem; Kaapstad, Stellenbosch, Bloemfontein, Potchefstroom, Pretoria, Rhodes en Wits.[58)]

NUSAS het tot stand gekom met die doel om 'n algemene studenteorganisasie te wees, waarin alle Suid-Afrikaanse

studente/

58) Vgl. NUSAS., South African Outlook, Vol. 104, Nr. 1232, January 1974, pp. 2 - 3.
Vgl. ook NUSAS., Correlated Resolutions and Entrenched Clauses of National Union Policy, August, 1972, p. 32.

studente deel kan hê. Dit het as forum gehad 'n studente=parlement met 'n Nasionale Raad wat beleid formuleer en implementeer. Afgesien van die afwykings af en toe, na links of na regs, het NUSAS 'n middeweg-beleid probeer volg om eenheid in studentegeledere te behou. Aanvanklik het die Afrikanerstudent tuis gevoel in die organisasie, want Dr. D.F. Malan was ere-president vanaf 1931 tot 1933.[59)]

Soos verder in hierdie hoofstuk gesien sal word, het kulturele en etniese verskille onder studente 'n voorrang begin kry bo gemeenskaplike aspirasies, en het veral die kwessie van nie-Blanke lidmaatskap spanninge op die spits gedryf.

Die Afrikaanse studente het hulle egter spoedig tot 'n studenteorganisasie, waarin hulle meer tuis sou voel, gewend, nl. die Afrikaanse Nasionale Studentebond (A.N.S.) wat gedurende 1933 gestig is. Gedurende 1945 het die A.N.S. doodgeloop, maar gedurende 1948 is die Afrikaanse Studentebond (A.S.B.) gestig, wat vandag nog aan sommige Afrikaanse kampusse bestaan.[60)]

(b) Struktuur/

---

59) Vgl. NUSAS., Correlated Resolutions and Entrenched Clauses of National Union Policy, p. 32.

60) Vgl. NUSAS., South African Outlook, pp. 3 - 4.

(b) Struktuur[61]

NUSAS se uitvoerende bestuur bestaan uit: die president, die vise-president en die algemene sekretarisse van die "National Union of Students Education Department" (NUSED), die "National Union of Students Welfare and Social Action Department" (NUSWEL) en AQUARIOUS (kultuur).[62]

Gedurende die 49ste NUSAS-kongres, wat in 1972 te Grahamstad gehou is, het dit duidelik geword dat al die ampsposte in ons skema voltydse besoldigde poste is.[63]

Op 3 Julie 1972 was die studenterade van die volgende inrigtings by NUSAS geaffilieer:

Universiteit van die Witwatersrand
Universiteit van Kaapstad
Rhodes-universiteit
Universiteit van Natal, Durban
Universiteit van Natal, Pietermaritzburg
Johannesburg College of Education
Natal Training College.[64]

Die een/

---

61) Kyk aangehegte skema - I.

62) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, Vol. 1, p. 2, par. 1.8.

63) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag, p. 2, par. 1.8.

64) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag, p. 2, par. 1.8.

175453

U.O.V.S. — U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK — LIBRARY

SKEMA I

ORGANIESE STRUKTUUR VAN DIE NASIONALE UNIE VAN SUID-AFRIKAANSE STUDENTE


1974

A. DIE NASIONALE STUDENTERAAD (NATIONAL STUDENT ASSEMBLY)

1. Die Uitvoerende Raad
2. Verteenwoordigers van Gekonsistueerde Sentra en
3. Verteenwoordigers van geaffilieerde en geassosieerde organisasies.

Voorsitter van die Nasionale Raad (N.A.)

B. DIE UITVOERENDE RAAD (EXECUTIVE) ----- Studente aan VSR-geaffilieerde sentra



Die een derde van die Suid-Afrikaanse ledetal van NUSAS is so verbonde by wyse van wat bekend staan as die sentrum-affiliasiestelsel.[65] Dit kom daarop neer dat NUSAS 'n liggaam is wat bestaan uit die studenterade wat by hom geaffilieer is.[66]

NUSAS se amptelike beleid word geformuleer deur 'n vergadering wat bekend staan as die nasionale studente= vergadering en wat vir alle praktiese doeleindes bestaan uit afgevaardigdes van die geaffilieerde studenterade tesame met die uitvoerende bestuur, wat by die vorige jaarlikse vergadering verkies is. Daar is ook ander NUSAS-liggame wat tussentydse besluite kan neem, maar die nasionale studentevergadering is die hoogste gesag.[67]

Die nasionale studentevergadering bestaan nie uit mense wat deur die studente op die kampus as hulle ver=

teenwoordigers/

---

65) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, p. 39, par. 4.2.1.

66) NUSAS is eintlik 'n konfederasie van studenterade.

67) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, p. 39, par. 4.3.1.

teenwoordigers gekies is nie, maar uit mense wat self daarheen wil gaan.[68] Hierdie kerngroep het 'n magtige invloed in NUSAS. Soos reeds gemeld, is die president en die drie vise-presidente voltydse besoldigde ampsdraers van NUSAS, en dus niks anders as besoldigde politieke aktiviste nie.[69]

Hierdie vier beamptes werk saam in NUSAS se hoofkantoor in Kaapstad, vanwaar hulle gereeld al die geaffilieerde kampusse besoek. Daar spreek hulle vergaderings toe en hou private samesprekings waar hulle dan veral konsentreer op nuwelinge. Hulle betrek belowende nuwelinge by seminare in afgesonderde plekke en bearbei hulle daar. Hulle het ook gebruik gemaak van 'n sielkundige proses, sensitiwiteitsopleiding, toegepas deur gehuurde, ongekwalifiseerde persone om hulle indoktrinasieveldtog aan te help.[70]

Volgens die Kommissie is hierdie kerngroep in staat

om/

---

68) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, p. 39, par. 4.3.2.

69) Vgl. <u>Debatte van die Volksraad</u>, 1973 kolom 1543, waar die Eerste Minister die Kommissie soos volg aanhaal. "NUSAS se politieke beleidsrigtings word bepaal en gestuur deur 'n klein groepie aktiviste binne NUSAS en word ook beïnvloed deur persone buite NUSAS van binne en buite Suid-Afrika."

70) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, p. 40, par. 4.3.4.

om NUSAS-aktiwiteite tot 'n groot mate te stuur in die rigting wat hulle verkies en om deur NUSAS, as organisasie, 'n oorheersende invloed op die studentepolitiek uit te oefen.[71]

(c) Doelstellings en aktiwiteite

NUSAS is 'n studenteorganisasie waarvan die leiers intens op politieke vlak bedrywig is. Hulle steun egter nie een van die bestaande politieke partye nie en beywer hulle vir verandering wat moet lei tot die drastiese ver= vanging van die bestaande orde in Suid-Afrika.[72] Volgens die Kommissie het die bestuur van NUSAS die volgende moont= likhede geformuleer:

" promotion of black power;

initiating action towards social change in South Africa;

changing the economic structure of South Africa;

mobilising/

71) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, p. 40, par. 4.3.4.

72) Vgl. Pretoria Universiteit, Die Perdeby, Pretoria, Jaargang XXXIX, Nr. 549, 9 Maart 1973, p. 10.

mobilising students towards such goals."[73]

Reeds in 1964 het die destydse voorsitter van NUSAS verklaar dat een van die hoof funksies van dié organisasie moet wees,

> " ... om 'n radikale rol in Suid-Afrika te speel en om die aktiewe agent van verandering hier te lande te wees."[74]

In 1971 het Neville Curtis, wat toe president van NUSAS was, hom op 'n kongres soos volg uitgelaat:

> "As ons standpunt inneem vir fundamentele veranderinge in Suid-Afrika, sal ons onder al hoe hewiger druk kom van ons families, universiteite en die regering. Ons moet ons verset teen hierdie druk en nie daaronder swig nie."[75]

Op sý beurt het Clive Keegan, ook 'n gewese NUSAS-leier, hom soos volg uitgelaat:

> " ... the actual mechanics of revolution are in the hands of the black proletariat, and the

white/

---

73) Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, p. 14, par. 12.25.

74) Vgl. Duvenage, S.C.W.: op. cit., p. 29.

75) Pretoria Universiteit, op. cit., p. 10.

white classes will then have little role to play. But Blacks and Whites must work together, firstly to raise the level of South African consciousness with regard to political change and secondly, to create the correct conditions for successful change by revolution. I accept the opinion of Che Guevara that a small group can prepare a country for revolution even if all the conditions favouring a revolution are not present. I conclude therefore that the pattern of South African political change lies in the direction of the urban skilled black proletariat. It will in fact be a true worker's revolution."[76]

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die leiers NUSAS wou omskep in 'n liggaam wat die weg moes voorberei vir 'n revolusie waarin die stedelike Bantoewerkers die voortou moes neem.

Voorts is dit duidelik dat NUSAS se optrede en uit= latings gemik was op die skepping van 'n klimaat vir re= volusie. Dit gaan hier ook om veel meer as liberale teenkanting teen die beleid van 'n regerende party. Selfs die kunsmatige polarisasie van die hele bevolking in "swart" en "wit", en die aanblaas van 'n konfrontasie

tussen/

---

76) Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, p. 14 - 15, par. 2.29.

tussen die twee pole is hierby betrokke. Hierdie be= wering kan gesien word in die lig van Curtis se uitspraak gedurende 1971:

> "Students must align themselves against the White polarity, and with the Black polarities, and seek to orientate their activity towards those things which assist the latter and hinder the former ... Students are going to have to be rebels - increasingly in a state of frictions with the pattern and demands of White society."[77)]

In die vierde tussentydse verslag vind die Kommissie dat volgens 'n bekende resep die bestaande orde uitgewis sou moes word. Die resep, waarvan daar oorvloedig ge= tuienis in die verslag is, is die polarisasie van wit en swart, die aanhitsing en opsweping tot arbeidsonrus en die makmaak van die Witman vir uiteindelike aanvaarding van die Swartman se leierskap.[78)]

Volgens prof. Duvenage is dit opvallend dat NUSAS, in al sy ernstige pogings om die simpatie en ondersteuning van die nie-Blanke student te behou, gefaal het.

"Daar/

---

77) Pretoria Universiteit, <u>op. cit.</u>, p. 10.

78) Vgl. <u>Die Transvaler</u>, Dinsdag, 13 Augustus 1974, p. 1.

"Daar het allengs 'n definitiewe verwydering gekom en die nie-Blankes het hul eie koers gevolg."[79]

Hierdie stelling kan gestaaf word met die geskiedenis van die UCM, wat in Suid-Afrika gestig is, maar geleidelik en later geheel en al in die hande van die "swartman" oorgegaan en so gebly het tot sy ontbinding.

Gedurende 1967 het NUSAS-leiers 'n sensitiwiteits=opleidingsentrum[80] in die Transvaal genader om hulle behulpsaam te wees met die opleiding van hulle leiers. Hierdie sentrum, wat bekend staan as die Wilgespruit Fellowship Centre, het geredelik ingestem om die opleiding te verskaf en in die jare 1968 en 1969 nege kursusse van ongeveer vier dae elk gegee aan NUSAS-afgevaardigdes en studenterade van Engelstalige universiteite.[81]

Sommige universiteitsdosente het ook lewendige belang=stelling in NUSAS en die studentepolitiek getoon. Die

Kommissie/

---

79) Duvenage, S.C.W.: op. cit., p. 29.

80) Sensitiwiteitsopleiding is 'n soort opleiding waardeur diegene wat dit ondergaan, se optrede en gesindheid verander kan word.

81) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, p. 12, par. 2.17.

Kommissie het egter besluit dat dr. R.A.D. (Rick) Turner se getuienis aangehoor sal word om 'n beeld te probeer vorm van die omvang van die rol wat 'n dosent in NUSAS- en studentesake kan speel. Die Kommissie het bevind dat Turner besoeke bring aan nagenoeg al die NUSAS-kampusse waar hy dan advies aanbied en alternatiewe metodes vir optrede voorstel. Hy voorsien ook idees vir nuwe projekte of neem die inisiatief om sulke projekte te loods. Hy lewer dikwels toesprake op kampusse oor onderwerpe soos die radikale denke, die sosialisme, die kommunisme, en die filosofie van Sartre, Mao Tse Tung en Marcuse.[82)]

'n Lesing oor Herbert Marcuse aan die Witwatersrandse Universiteit het Turner soos volg afgesluit:

> "The situation, I think shows that, whilst a revolution cannot succeed without direct workers' participation, nevertheless the initial student revolt can act as the vital detonator which suddenly illuminates the situation with new possibilities by managing to break down, for a time at least, the aura of permanency and necessity with which the capitalist state has managed to surround its ridiculous institutions ... An analyses of the political situation shows that men are responsible for the violence of

their/

---

82) Vgl. Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasie, pp. 91 - 92, par. 5.5.29 - 5.5.34.

their society, and that the only way out of this, the only way to love one's neighbour, is through the attempt to build a socialist society."[83]

Die trant en toon van sosialisties-kommunistiese be= skouing is derhalwe duidelik en implisiet by hierdie voor= bok van NUSAS.

(d) Finansies

NUSAS ontvang groot bedrae geld uit die buiteland. Hierdie gelde is nie geïdentifiseer nie, en kan dus deur middel van versteekte weë gekanaliseer word.[84] Volgens die vise-president van NUSAS is daar gedurende 1972, by benadering R12 000 aan salarisse uitbetaal, terwyl affilia= siegelde, wat deur studenterade bygedra is, slegs sowat R5 300 beloop het. In sy veldtog om fondse in die buite= land te bekom, moet NUSAS aanvaarbaar wees vir sy dona= teurs. Eerstens is hy bekend as 'n kampvegter vir onder= druktes en oordryf hy sy eie bedrywighede. Tweedens

voer/

---

83) Pretoria Universiteit, op. cit., p. 10.

84) Vgl. Debatte van die Volksraad, 1973, kolom 1543, waar die Eerste Minister die Kommissie soos volg aanhaal: "Volgens NUSAS-ampsdraers se getuienis word NUSAS verplig om hom tot die buiteland te wend deur die feit dat hy nie finansiële steun in Suid-Afrika kan kry nie."

voer hy 'n propagandaveldtog teen Suid-Afrika in die buite=land met 'n negatiewe en eensydige beeld. In die buite=land moet NUSAS dan ook met vele militante bevrydings=bewegings en terroriste meeding om die nodige fondse. Weens sy buitelandse afhanklikheid streef NUSAS dus sekere staatsgevaarlike politieke rigtings in Suid-Afrika na, naamlik vervanging van die hele bestaande orde in Suid-Afrika.[85]

(e) Slotbeskouing

Ons kan tot die slotsom kom dat deur beïnvloeding, opleidingsprogramme en beplanning 'n klein klompie radikaliste in die NUSAS-leierskorps inderdaad ingestel is op omverwerping van die bestaande orde.

Dit bewys voorts dat Suid-Afrika blootgestel is aan gevaarlike ondermynende bedrywighede binne sy grense. Hierdie aanslag vereis doeltreffende masjinerie om dit te bekamp. In hierdie lig gesien, is dit sekerlik geregverdig om verdere ondersoek in te stel na die aanbeveling van die Kommissie, nl. om 'n regtelike tribunaal in die lewe te roep om die staatsveiligheid te verseker.

2. DIE/

---

85) Vgl. Pretoria Universiteit: *op. cit.*, p. 10.
Vgl. ook *Debatte van die Volksraad*, 1973, kolom 1543.

## 2. DIE "UNIVERSITY CHRISTIAN MOVEMENT". (UCM)

### (a) Historiese agtergrond

Ontevredenheid met die "White dominated" NUSAS, het tot gevolg gehad dat nie-Blanke studente, die "Durban Student's Union" en die "Cape Peninsula Student's Union" gestig het, wat op hul beurt later saamgesmelt het om die "Progressive National Student's Organisation" te vorm. Met hulle slagspreuk "non-co-operation with the collaborators" het hulle geweier om met NUSAS saam te werk. Hulle het NUSAS gesien as 'n studenteflank wat gekoppel is aan die

> " ... imperialist front whose interest was to control the blacks."[86)]

Laasgenoemde twee organisasies was egter nie baie suksesvol nie.

Gedurende 1961 is die "African Student's Association" (ASA) gestig en gedurende 1962 is die "African Student's Union of South African" (ASUSA) gestig, maar as gevolg van

onderlinge/

---

86) Langa, B.: SASO on the attack, p. 3.

onderlinge struwelinge en gebrek aan solidariteit is beide organisasies later ontbind.[87)]

(b) Stigting

Teen die einde van 1966 het Aartsbiskop Selby-Taylor 'n vergadering van kerkleiers byeengeroep met die doel om die "University Christian Movement" te stig. Die doel van hierdie vergadering is dan ook soos volg gepropa=geer:

> " ... to found a new student movement which would fill the gap created by die demise of the multiracial Student's Christian Associa=tion. The latter had ceased to be multiracial and the churches' emphasis was on ecumenism and multi-racialism."[88)]

Gedurende 1967 is die "University Christian Movement" gestig[89)] wat die nie-Blanke studente meer as 'n eenheid saamgevoeg het. Die UCM is oorspronklik gestig om te dien as 'n veelrassige organisasie, maar het geleidelik

geheel/

---

87) Vgl. Langa, B.: op. cit., p. 3.

88) Khoapa, B.A.: Black Review - 1972, p. 186.

89) Vgl. Khoapa, B.A.: op. cit., p. 186.

geheel en al in die hande van die nie-Blanke oorgegaan.

By die stigting van die UCM was verteenwoordig die Anglikaanse, Kongregasionalistiese, Lutherse, Methodistiese, Presbiteriaanse en Rooms-Katolieke Kerke van Suid-Afrika.[90)] Kerkleiers van hierdie kerke was dus van die begin af ge=moeid met die bedrywighede van die UCM.

(c) Bedrywighede

Nieteenstaande die feit dat UCM stadig 'n aan=vang geneem het, het dit eerstens op Rhodes baie aktief begin raak. Die stigters-kerke het op hulle beurt ook nie veel steun aan UCM op die kampusse verleen nie.

Op die stadium toe NUSAS op alle "swart staatsgekon=troleerde" kampusse in die ban gedoen is, het daar 'n isolasie plaasgevind tussen "swart" en "wit" studente. Dit was dan ook nie 'n verrassing toe UCM sy konstitusie gedurende die 1968 konferensie te Stutterheim gewysig het nie.[91)] Dit was gedurende hierdie konferensie

" ... that/

---

90) Vgl. Khoapa, B.A.: op. cit., p. 186.
Kyk ook One for The Road, Vol. 1, No. 1, September 1968, p. 5.

91) Vgl. Khoapa, B.A.: op. cit., p. 186.

> " ... that a black caucus was formed out of which grew SASO, the spearhead of Black Consciousness."[92]

Gedurende die Stanger-konferensie in 1969, het die konfrontasie tussen "swart" en "wit" toegeneem en gedurende 1970 te Roodepoort

> " ... the move was in the direction of polarisation. Projects such as Black Theology and literacy were by their nature not to allow for much white involvement."[93]

UCM het hom dan ook veral besig gehou met die volgende projekte:

(i) Swart Teologie

Hierdie projek beoog die implementering van dié organisasie se resolusies, en het opdragte gegee aan die "direkteur" om seminare te reël en publikasies voort te bring.[94] Verskeie seminare is dan ook gehou en "Essays

on Black/

---

92) Vgl. Khoapa, B.A.: op. cit., p. 187.

93) Khoapa, B.A.: op. cit., 187.

94) Vgl. Khoapa, B.A.: op. cit., p. 187.

on Black Theology"[95] het as amptelike publikasie verskyn.

(ii) Literacy

Hierdie projek het sy beslag gekry gedurende die 1970 konferensie te Roodepoort en soos die naam aandui, het dit te doen met opvoeding of onderwys. UCM self het egter nie veel aandag hieraan bestee nie, maar dit het wel later onder "SASO-beheer" tot uiting gekom.[96]

(d) UCM en "Swart Bewustheid"

UCM definieër "Black people" as

> " ... those who are by law or tradition politically, socially and economically discriminated against as a group in the S.A. society and who identify themselves as a unit in the struggle towards the realization of their aspirations."[97]

Volgens UCM sal die sintese die gevolg wees van 'n sterk konfrontasie tussen tese en antitese.

"In/

---

95) Hierdie publikasie is ook in die ban gedoen.

96) Vgl. Khoapa, B.A.: op. cit., p. 188.

97) Freedom '71, University Christian Movement, Conference report, p. 35.

"In our context we believe that the thesis, i.e. the status quo is a strong whitism and that therefore the antithesis to this can only be an equally strong show of black solidarity. Therefore any acceptable solution will have to accept these two as its basic ingredients."[98)]

Hierdie organisasie glo voorts dat "Swart Bewustheid" ook nog die volgende aspekte insluit:

"a. It is a rejection by black of all value systems that seek to make them foreigners in the land of their birth.

b. It is an attempt by blacks to build up their own value systems and to see themselves as self-defined.

c. Inherent in the whole black consciousness programme is a realization of the importance of group action and awareness of the power people wield as a group. Hence group cohesion is an important facet of black consciousness.

d. Black consciousness implies the totality of black people and hence the message of black consciousness has to be spread to reach all segments of the oppressed community. Black consciousness is as such, an attitude of mind and a way of life and is not an exclusive philosophy of any group.

e. Black/

---

98) Freedom '71, University Christian Movement, Conference report, p. 35.

e. Black theology, theology of the oppressed people and of liberation is an important aspect of black consciousness and seeks to relate black people with their God, a fighting God who abhors all repressive regimes.

f. Vocalization of the black consciousness attitude coupled with implementation of practical programmes directed at stimulating awareness amongst black people are important aspects of black consciousness."[99]

(e) Doelstellings

UCM se doestellings word as volg in Artikel 2 van hulle grondwet uiteengesit:

" ... to call all members of the academic community to love, trust and hope in God, Father, Son and Holy Spirit; to acknowledge Jesus Christ as Lord and Saviour according to the Scriptures; and to be servants and messengers of God's kingdom in all the world."[100]

Indien/

---

99) Freedom '71, University Christian Movement, Conference report, p. 35.

100) One for The Road, UCM, Vol. 1, No. 1, Sept. 1968, p. 5.

Indien daar gelet word op UCM se lyfblad "One For The Road"[101] wat na 1968 verskyn het, is dit duidelik waarneembaar dat dit al hoe meer afgewyk het van die Christelike grondslag waarop dit pretendeer geskoei te wees. Al hoe meer aandag is aan die nie-Blankes in sosiale, opvoedkundige, ekonomiese en politieke verband geskenk. UCM se bemoeiing met die orde en dissipline op universiteite en skole, asook die aanhitsing van die jeug tot protes, is egter algemene kennis.

Teen die einde van 1970 het Colin Collins die Vredes=konferensie in Kyoto, Japan, bygewoon en het hy ook van die geleentheid gebruik gemaak om die V.S.A. en 'n groot aantal Europese state te besoek.

> "Through this trip our work was explained to a large number of organizations and individuals throughout the world."[102]

(f) Finansies

UCM het die afgelope twee jaar veral steun ont=vang van oorsese skenkers. Die grootste skenker gedurende

1971/

---

101) Vgl. One For The Road, UCM, Vol. 2, No. 1, Mei 1969 en die uitgawe van Maart 1970.

102) Freedom '71, University Christian Movement, Conference report, p. 9.

1971 was die Methodiste Kerk van die V.S.A. wat R15 000 geskenk het.[103]

Indien daar gelet word op die 1971 begroting van UCM is dit duidelik dat die uitgawes in 'n groot mate hoër was as die inkomste.

(g) <u>Ontbinding</u>

Volgens "Black Review - 1972" het UCM veral om die volgende redes gedurende 1972 ontbind, nl.:

> " - that the UCM itself had over the past few years advocated the need for black-white polarisation;
>
> - that the Methodist and Presbyterian churches had finally withdrawn their support from the UCM without giving their reasons fully and clearly to the UCM in spite of the avenues that have existed for that;
>
> - that the UCM has had to operate against increasing pressure from the goverment and power structures in the universities."[104]

Die presidente/

---

103) Vgl. <u>Freedom '71</u>, University Christian Movement, Conference report, p. 9.

104) Khoapa, B.A.: <u>op. cit.</u>, p. 188.

Die presidente van UCM, Winkie Direko, laat haar egter soos volg uit:

> " ... the main reason was the growth of Black Consciousness among the black members, and their consequent unwillingness to work within a multi-racial organization. They no longer believed 'that multi-racialism is a viable strategy to bring about real change.' It was stated, at the congress, that while members were firmly committed to an eventual non-racial South Africa, for the time being a Black-White polarisation was necessary because the situation of Whites was so different from that of the majority of UCM members."[105)]

(h) Slotbeskouing

Uit die voorafgaande is dit reeds duidelik dat UCM 'n beweging was met 'n omvangryke potensiële trefkrag wat pertinent 'n ondermynende rol gespeel het.

Die vernaamste rede wat voorgehou word waarom UCM ontbind het, bevestig ook Khoapa se uitlatings wat soos

volg/

---

105) A Survey of Race Relations in South Africa 1972, South African Institute of Race Relations, Johannesburg, January 1973, p. 31.

volg lui:

> " - The black man, having discovered his true identity will turn to doing 'black business' that is, engaging the problems of his community instead of trying for white. He will continue to place major trust in his ability to do things for himself instead of sitting around expecting someone he doesn't even know to come along and pull him out of the 'mess.'
>
> - More important he will continue to address his black brother and sister because the events and the rich heritage that are their history have not been made fully available to them in the usual way in which a society informs its membership about the significant aspects of its development."[106)]

Daarmee die uitvaart van UCM, nadat dit 'n nuwe militante "Black Power" groep geinisieër en geinspireer het.

3. SOUTH/

---

106) Khoapa, B.A.: op. cit., p. 1.

## 3. SOUTH AFRICAN STUDENTS ORGANISATION (SASO)

### (a) Ontstaan en groei

Soos hierbo betoog, is SASO 'n nie-Blanke studente= organisasie wat kunsmatig tot stand gebring is deur die voorgaande veelrassige "University Christian Movement" (UCM). SASO is gestig net na die 1968-jaarkonferensie van UCM, waartydens ongeveer 40 nie-Blanke studente van Fort Hare, Ngoye, Bellville, die Teologiese Seminaries, Turfloop, UNB (Universiteit van Natal, nie-Blanke seksie) en die Onderwyskolleges 'n koukus gevorm het om die stigting van SASO te bespreek. Die "UNB group" is versoek om onder= soek in te stel na die wenslikheid van die hou van 'n konferensie van nie-Blanke studenteleiers gedurende Desember 1968. SASO is gedurende die konferensie te Mariannhill gestig en is ingehuldig gedurende die Julie 1969-konferensie te Turfloop.[107)]

SASO se tweede konferensie is gedurende 1970 gehou. Tydens hierdie konferensie het SASO algehele erkenning aan NUSAS onttrek,

" ... believing/

---

107) Vgl. Khoapa, B.A.: op. cit., p. 20.
Vgl. ook Langa, B.: SASO on the attack, p. 4.

> " ... believing that the emancipation of the black peoples in this country depends on the role the black peoples themselves are prepared to play (and) ... aware that in the principles and make-up of NUSAS, and black students can never find expression for aspirations foremost in their minds."[108)]

Gedurende die jare 1971 en 1972 het SASO se ledetal steeds gegroei en sy gemeenskapsontwikkelingsprojekte was toe reeds in volle swang.

> " ... Publications, Literacy and Community Development programmes ensured that SASO was reaching out to the millenium of black people. High school students, varsity students, social clubs, organisations, sports groups - all of them began to join the mainstream of Black endeavour and self-assertion."[109)]

Hieruit blyk dit duidelik dat SASO se ledetal nie slegs beperk is tot studente nie.

(b) Doelstellings/

---

108) Langa, B.: <u>op. cit.</u>, p. 5.

109) Langa, B.: <u>op. cit.</u>, p. 5.

(b) Doelstellings

SASO se vernaamste doelstelling word in sy "Policy Manifesto" soos volg gestel:

"SASO is a Black Student Organisation. Working for the liberation of the Black man first from psychological oppression by themselves through inferiority complex and secondly from the physical one accruing out of living in a White racist society."[110)]

SASO definieer voorts die term "Black", soos dit in sy "vernaamste doelstelling" gebruik word, soos volg:

"We define Black people as those who are by law or tradition politically, economically and socially discriminated against as a group in the South African society and identifying themselves as a unit in the struggle towards the realisation of their aspirations."[111)]

Vandag roem SASO daarop dat hy aanvaar word as een van die

" ... most/

---

110) Langa, B.: op. cit., p. 9.

111) Langa, B.: op. cit., p. 9.

> " ... most relevant organisations in this search for the black man's real identity and of his liberation."[112)]

SASO staan bekend as 'n studenteorganisasie, dog sy doelstellings is suiwer polities van aard. SASO beywer hom dus nie alleen vir die omverwerping of vernietiging van die bestaande orde in Suid-Afrika nie, maar vir die algehele vervanging van die bestaande stelsel. Hierdie sogenaamde "vervanging" wil SASO bewerkstellig deur middel van die verkondiging van "Black Consciousness"[113)] soos in sy grondwet uiteengesit.

(c) SASO-beleid

(i) Opvoeding

(aa) SASO verwerp die stelsel van aparte universi= teite en

> " ... asserts that the basic aim in the establishment of 'black' institutions was never altruistic but merely to control the education of blacks in South Africa."[114)]

(bb) SASO/

---

112) Khoapa, B.A.: op. cit., p. 21. SASO maak dus van dieselfde definisie gebruik wat ook deur UCM gebruik is.

113) Khoapa, B.A.: op. cit., pp. 40 - 42.

114) Langa, B.: op. cit., p. 6.

(bb) SASO verwerp die gaping in salarisse en dienste voorwaardes tussen "swart" en "wit" professionele mense.[115]

(cc) SASO glo dat

> " ... education for 'blacks' as presently constitued is completely irrelevant to the pressing needs of the black community and is derived from a model that is not in keeping with cultural and historical ethos of black people."[116]

Vir hierdie doel het SASO dan ook 'n kommissie vir opvoeding daargestel,

> " ... to study ways of making education for blacks relevant to the community."[117]

(ii) <u>Suidwes-Afrika</u>

SASO se beleid ten opsigte van Suidwes-Afrika word soos volg geformuleer:

"SASO/

---

115) Langa, B.: op. cit., p. 6.

116) Langa, B.: op. cit., p. 6 - 7.

117) Langa, B.: op. cit., p. 7.

"SASO recognises the indisputable right of the people of Namibia to conduct their own affairs without any interference from South Africa and expresses solidarity with the students and the people of Namibia to rid themselves of this unwarranted occupation."[118]

(iii) Dialoog tussen Suid-Afrika en ander Afrikastate

(aa) SASO verwerp alle pogings van dialoog tussen Suid-Afrika en ander Afrika-state.[119]

(bb) SASO glo dat Suid-Afrika

" ... is intent on stretching her tentacles through trade links through= out Africa so as to hold Africa in her grip."[120]

(cc) Laastens glo SASO dat

" ... no amount of preaching will alter South Africa from her course towards total and lasting subjugation of the black peoples of South Africa."[121]

Hierdie/

---

118) Langa, B.: op. cit., p. 11.
119) Langa, B.: op. cit., p. 11.
120) Langa, B.: op. cit., p. 11.
121) Langa, B.: op. cit., p. 11.

Hierdie beleid is dus militant anti-Blank en selfs anti-Suid-Afrika. Voorts is daar 'n dualisme in hulle denke wat opvallend is.

(iv) SASO-bedrywighede

In ooreenstemming met SASO se strewe om 'n doel= treffende, landswye organisasie op te bou, is alle SASO-bedrywighede, soos reeds gemeld, daarop gerig om sy doel= stellings, naamlik die "vrymaking" van die nie-Blanke van Blanke "onderdrukking", te verwesenlik. Dit is egter duidelik dat die metode wat SASO aanwend om sy doel te verwesenlik, die verkondiging van sy "Black Consciousness"-filosofie is. Hierdie stelling word gemaak omdat al SASO se bedrywighede sentreer rondom die verkondiging van laasgenoemde filosofie.

Vervolgens is dit noodsaaklik om hierdie "Swart Bewustheid" te sien aan die hand van SASO se definisie daarvan:

"(i) Black Consciousness is an attitude of mind, a way of life.

(ii) The/

(ii) The basic tenet of Black Consciousness is that the Black man rejects all value systems that seek to make him a foreigner in the country of his birth and reduce his basic human dignity.

(iii) The black man must build up his own value systems, see himself as selfdefined and not defined by others.

(iv) The concept of Black Consciousness implies the awareness by the black people of the power they wield as a group, both economically and politically, and hence group cohesion and solidarity are important facets of Black Consciousness.

(v) Black Consciousness will always be enhanced by the totality of involvement of the oppressed people, hence the message of Black Consciousness has to be spread to reach all sections of the black community."[122)]

Daar kan uit voorgenoemde tot die gevolgtrekking gekom word dat "Swart Bewustheid" daarna strewe om die "swart gemeenskap" te besiel met 'n nuut ontdekte trots in hulself, hulle waardes, hulle kultuur, hulle religie en hulle algemene lewensaktiwiteite.

SASO/

---

122) Khoapa, B.A.: op. cit., p. 41 - 42.
Kyk ook Langa, B.: op. cit., p. 10.

SASO het 'n groot aandeel gehad in die studente-onrus wat al die afgelope paar jaar op meeste van die nie-Blanke kampusse in Suid-Afrika heers. Op sý beurt maak SASO dan ook daarop aanspraak dat, nadat die berugte Alice-deklarasie[123)] opgestel en uitgereik is, daar protes en demonstrasies plaasgevind het op die swart kampusse dwars=deur die land.[124)]

(d) Finansies

Behalwe lidmaatskapgelde, ontvang SASO fondse van verskeie buitelandse organisasies, wat nie deur SASO bekend gemaak word nie.

(e) Gevolgtrekking

Hierdie "Black Consciousness"-gedagte is vir die Blanke en ook vir die meeste nie-Blankes onaanvaarbaar. Die Kleurling en Indiër tel ook onder hierdie "Black" en

die meeste/

---

123) Die Alice-deklarasie ... was hoofsaaklik daarop ge=mik om te protesteer teen "onderdrukking" en die "rassistiese" opvoeding aan die instellings waarin die nie-Blankes moet studeer.

124) Vgl. Khoapa, B.A.: op. cit., p. 22.

die meeste van hulle wil hul eie identiteit behou en is nie bereid om onder die "Black"-groep te ressorteer nie. Hoewel die Kleurling nie op dieselfde beskawingsvlak as die Blanke is nie, is hulle tog in die gunstige posisie dat hulle dieselfde beskawingsaard as die Blankes het, dit wil sê langs eie ontwikkelingspad geërf, en kan dus maklik op Blanke beskawingspoor voortbeweeg. Voorts is daar geen rasverwantskap tussen die Indiërs enersyds en die Kleurlinge andersyds nie. Gemeet aan die beskawings van die Blankes en die Kleurlinge, is die Indiërs se beskawing bowendien van huisuit beskawingsvreemd.[125)]

'n Verdere wetenskaplik-aanvegbare punt van hierdie "Black Consciousness"-ideologie is dat daar van die stand=punt uitgegaan word dat alle nie-Blanke persone, woonagtig in Suid-Afrika, 'n volkseenheid uitmaak. Gesien in dié lig is die Bantoe van huisuit beskawingsvreemdelinge - gemeet aan die beskawing van die Kleurlinge. Die Bantoe=gemeenskap is ook onderling verdeel in 'n aantal etniese groepe waarvan sommige nog in stamverband leef, terwyl die ander in Blanke beskawingsdiens ontstam is. Die Bantoes se eie beskawingspatroon vertoon dus ook 'n ander beeld as

dié van/

---

125) Vgl. Strauss, H.J.: Staatsleer III Diktaat, U.O.V.S., Bloemfontein, 1963, p. 24 - 25.

dié van die Kleurlinge en Indiërs.[126)]

Inherent aan die Swartmagideologie, is die verwerping van die politieke, maatskaplike en ekonomiese strukture wat deur die Westerse Blanke beskawings ontwikkel is en in hierdie verband het SASO al prontuit verklaar dat hy teen die kapitalisme as ekonomiese stelsel is, asook dat hy godsdiens verwerp.[127)] Hieruit blyk dit duidelik dat SASO in 'n baie groot mate dialekties-materialisties ge= oriënteerd is.

Indien die owerheid nie ferm optree wanneer voorge= noemde studenteaktiwiteite langs genoemde weë oorgaan tot die aftakeling van die openbare orde nie, lei dit tot terreur en ondermyning van die heersende orde en norme - met ander woorde staatsveiligheid is in gedrang. Indien studenteaktiwiteite dus buite perke gaan, kan dit lei tot 'n afbrekende faktor in die struktuur van die samelewing en kan dit voorts lei tot beskawingsverval.

Ons let vervolgens op ander organisasies wat die studenteaktiwiteite rig en stu.

HOOFSTUK V/

---

126) Vgl. Strauss, H.J.: op. cit., p. 26.

127) Vgl. Langa, B.: op. cit., p. 10 - 11.

# HOOFSTUK V

## NIE-BLANKE BEWEGINGS EN DIE KOMMUNISTIESE PARTY

### A. DIE "AFRICAN NATIONAL CONGRESS" (ANC) VAN SUID-AFRIKA EN "UMKHONTO WE SIZWE"

### 1. STIGTING

Die "African National Congress" van Suid-Afrika (hierna genoem ANC) het tot stand gekom op 8 Januarie 1912.[128) Dit het ontstaan as gevolg van 'n politieke ontwaking by die Bantoe wat reeds gedurende die vorige eeu begin het. Die ontevredenheid van sekere Bantoe-intelligensia, met die voorwaardes waaronder Brittanje Suid-Afrika in 1910 toegelaat het om die Unie van Suid-Afrika te word, was ook 'n bydraende faktor.[129)

Bantoeleiers/

---

128) Vgl. Suid-Afrikaanse Polisie, Die "African National Congress" van Suid-Afrika en "Umkhonto We Sizwe", Ongepubliseerde dokument, p. 1.

129) Vgl. Suid-Afrikaanse Polisie: op. cit., p. 1.
Vgl. Serof, H., e.a.: The Puppeteers, p. 85.
Vgl. De Villiers, C.M.: Die "African National Congress" en sy aktiwiteite aan die Witwatersrand (1912 - 1956), Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1965, p. 20.
"Die onmiddelike aanleiding tot die stigting van die ANC was onteenseglik die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika en, meer besonderlik, die bepalings van die Zuid Afrika Wet, 1909, met betrekking tot stemreg en lidmaatskap van die Parlement."

Bantoeleiers het besef dat die Bantoe se kragte, veral op politieke gebied, saamgesnoer moet word en hulle het dan ook begin met die hou van kongresse wat georganiseer is met die doel om na die belange van die Bantoe om te sien.

Die ANC word beskou as,

> " ... not only the oldest liberation organi= sation in South Africa, but, unquestionably the only body with a mass base; with the organi= sational framework, with a dedicated leadership and above all a highly-trained People's Army - Umkhonto We Sizwe (The Spear of the Nation) - capable of leading the National Liberation struggle to ultimate victory in South Africa."[130)]

2. <u>DOELSTELLINGS EN BELEID VAN DIE ANC</u>

Die doelstellings van die ANC, tydens stigting, kan soos volg saamgevat word:

(a) Om die Bantoe van die Unie van Suid-Afrika en van die Protektorate te verenig;

(b) Om oor die belange van die Bantoe te waak en dit te bevorder;

(c) Om/

---

130) African National Congress, South Africa, p. 9.

(c) Om alle diskriminerede wetgewing te beveg; en

(d) Om stemreg vir almal bo die ouderdom van 18 jaar te verkry.[131)]

Serof beweer dat kort nadat die Nasionale Party in 1948 in Suid-Afrika aan bewind gekom het en met sy apart= heidsbeleid begin het, het opposie van die politiek-bewuste Bantoe toegeneem, en het die Bloemfontein-konferen= sie in 1949 gevolg.[132)]

Gedurende hierdie konferensie het die ANC dan ook sy "Program van Aksie" opgestel.

> "This programme was to transform the ANC from a reformist body into a mass body waging exciting battles and winning im= portant victories for the African people! As a means of mounting an attack on the Government, it was decided to use a policy of passive resistance."[133)]

Die volgende/

---

131) Vgl. Suid-Afrikaanse Polisie: op. cit., p. 2.
Vgl. ook De Villiers, C.M.: op. cit., p. 24.

132) Vgl. Serof, H., e.a.: op. cit., p. 85.

133) Serof, H., e.a.: op. cit., p. 86.

Die volgende was ook onder andere in hierdie program van aksie ingesluit:

> " ... mass strikes, boycotts, civil disobe= dience, and any other such weapons."[134]

Gedurende 1943 het die ANC 'n nuwe grondwet aanvaar. Adv. A. Fischer, latere gelyste kommunis, was behulpsaam met die opstel van laasgenoemde grondwet. Die ANC, wat aanvanklik bedoel was om 'n suiwer Bantoe Nasionalistiese organisasie te wees, het nou ook die deur oopgegooi vir Blankes.[135]

Gedurende Junie 1955 het 3 000 afgevaardigdes van verskillende anti-regerings politieke organisasies in Suid-Afrika, in Johannesburg byeengekom.

> "There they adopted what became known as the Freedom Charter, which the A.N.C. claims is part of its constitution."[136]

Die gedeelte van die "Charter" wat die regering met agterdog bejeen het, lees soos volg:

"The/

---

134) Serof, H., e.a.: op. cit., p. 86.
Vgl. ook African National Congress, South African, p. 11.

135) Vgl. African National Congress, South Africa, p. 11.

136) Serof, H., e.a.: op. cit., p. 86.

> "The national wealth of our country, the heritage of all South Africans, shall be restored to the people. The mineral wealth beneath the soil, the banks and monopoly industry, shall be transferred to the ownership of the people as a whole."[137)]

Uit "The Freedom Charter", wat op 26 Junie 1955 uitgereik is, blyk dit duidelik dat die ANC geweld voor= gestaan het. Dit bevat onder andere die volgende ver= klaring:

> "When we talk of revolutionary armed struggle we are talking of political struggle by means which include the use of military force even though once force as a tactic is introduced it has the most far-reaching consequences on every aspect of our activities. It is im= portant to emphasise this because our move= ment must reject all manifestations of mili= tarism which separates armed people's struggle from its political context."[138)]

Die ANC ontken dat dit kommunisties georiënteerd is, maar uit voorgaande blyk dit duidelik dat dit wel die ge= val is. Reeds in 1927 verklaar die President van die

ANC/

---

137) Serof, H., e.a.: <u>op. cit.</u>, p. 86.

138) <u>Forward To Freedom</u> - Strategy, tactics and programme of the African National Congress - South Africa, p. 8.

ANC openlik dat hy 'n kommunis is en bring nog dieselfde jaar 'n besoek aan Rusland.[139] Die leiers van die ANC was deur die bank kommuniste en het dan ook die ANC bloot as 'n middel gesien waardeur hulle die wêreldrevolusie van die kommunisme kon bevorder. Vanaf 16 Desember 1961 kan die ANC beskou word as 'n komunisties beheerde front-organisasie.[140]

## 3. AKTIWITEITE VAN DIE "AFRICAN NATIONAL CONGRESS"

Die ANC het 'n redelike voortbestaan gehandhaaf vanaf 1912 tot en met 1923. Na 1923 het daar onder andere om die volgende redes[141] 'n verswakking onder die geledere van die ANC ingetree wat tot 1943 voortgeduur het:

(a) 'n Vakbond/

---

139) Vgl. Barnard, L.D.: Terrorisme in Suider Afrika as Onweersone in die Internasionale Politiek, Diktaat vir Staatsleer III, U.O.V.S., Bloemfontein, p. 2.

140) Vgl. Suid-Afrikaanse Polisie: op. cit., p. 2. 'n Kommunistiese front-organisasie is 'n organisasie wat deur die kommuniste gebruik word om die doelstellings/belange/oogmerke en aktiwiteite van internasionale kommunisme te bevorder, sonder om die ware indentiteit van die Kommunistiese Party te openbaar.

141) Vgl. Suid-Afrikaanse Polisie: op. cit., p. 2.

(a) 'n Vakbond bekend as die "Industrial and Commercial Workers Union" (I.C.U.) het die kalklig van die ANC laat verdof en het voorts die ANC se bedrywighede gestrem tot en met 1927. Na 1927 het daar verbrokkeling inge= tree onder die geledere van die I.C.U. en het die aansien van die ANC weer toegeneem, en is die ANC se doelstellings opnuut be= vorder.

(b) Onenigheid onder die leiers.

(c) Insypeling van kommuniste in die hoogste ge= ledere van die ANC se ampte.

Gedurende 1927 het ander Bantoe-vakbonde ook ontstaan en het die ANC saam met die Kommunistiese Party die vak= bonde ingesypel en beïnvloed.

Gedurende 1943 tree 'n tydperk van veelrassige en militante verset teen sekere landswette in.[142] Die veldtog was bedoel om die sosiale orde af te takel en ook om die massas in beweging te bring. Voorts is daar ge= demonstreer en geprotesteer teen sekere landswette wat na die mening van die ANC rassediskriminasie in die hand werk.

In 1943/

---

142) Vgl. Die Suid-Afrikaanse Polisie: op. cit., p. 3.

In 1943 is die "African National Congress Youth League" en die "African National Congress Women's League" gestig.[143]

Gedurende 1949 vind die ANC se jaarkongres te Bloem=fontein plaas, waartydens:

(a) Die "Thumbs-Up"-teken aanvaar word as die ANC-saluut en

(b) Die ANC-Volkslied, "N'kosi i Sikelele Afrika" amptelik erken is.[144]

Die "Defiance Campaign" (Lydelike Versetveldtog) het gedurende Junie 1952 plaasgevind. Gedurende hierdie veldtog verskyn dan ook die ANC-vlag. Die kleure is soos volg van bo af gesien:

heel bo - swart, wat swart nasionalisme simboliseer,

middel - groen, wat die lanbou-potensiaal simboliseer, en

onder - die geel of goudkleur wat die minerale-potensiaal simboliseer.[145]

Gedurende/

---

143) Vgl. Die Suid-Afrikaanse Polisie: op. cit., p. 3 - 4.
Vgl. Benson, M.: The African Patriots, pp. 109 - 112.

144) Vgl. Die Suid-Afrikaanse Polisie: op. cit., p. 5.
"N'kosi i Sikelele Afrika - God seën Afrika."

145) Vgl. Benson, M.: The struggle for a Birthright, p. 46.

Gedurende bogenoemde veldtog vind onluste ook plaas in Pondoland, Kimberley, Port Elizabeth, Oos-Londen en elders. Die doel van die "Defiance Campaign" was om deur binnelandse onluste en oproerigheid wrywing tussen Blank en nie-Blank aan te blaas.[146)] Gelyste kommuniste en ANC-leiers het 'n leidende rol in hierdie onluste gespeel.

In die vroeg vyftigerjare het die ANC reeds met ver= skeie Indiër-, Kleurling- en Blanke organisasies saamgespan in 'n meer militante aanslag op Suid-Afrika.[147)] Gedurende 1956 is 156 Blanke en nie-Blanke persone in Suid-Afrika gearresteer op 'n aanklag van hoogverraad. Sedert 1958 beywer die ANC hom vir 'n algehele boikot teen Suid-Afrika. Dit is ook reeds bekend dat die ANC die afgelope aantal jare poog om 'n olieboikot teen Suid-Afrika ingestel te kry.

Gedurende 1958 voer die ANC saam met die "South African Congress of Trade Unions" 'n kampanje om die minimum

loon/

---

146) Vgl. Benson, M.: The African Patriots, p. 175 - 192. Op 26 Junie 1952 het Prof. Matthews 'n nie-Blanke skare te New Brighton-lokasie toegespreek waar hy onder andere hom soos volg uitgelaat het: "Fighting for freedom is not a picnic ... it is a very painful process and in that fight there is going to be suffering and even death." (Sedert 1962 is Matthews verbonde aan die Wêreld Raad van Kerke).

147) Vgl. Barnard, L.D.: op. cit., p. 38.

loon van die nie-Blankes op R2,00 per dag vasgestel te kry. Die veldtog het egter misluk en het gelei tot 'n skeuring in die ANC. Die militante en ekstremistiese elemente van die organisasie, onder leiding van Robert Sobukwe, het weggebreek om die "Pan-Africanist Congress" (PAC) te vorm.[148] Vir Sobukwe en sy volgelinge het die ANC te passief geword en die PAC was ten sterkste gekant teen enige samewerking met Blankes, Kleurlinge en Indiërs. Laasgenoemde organisasie was ook ten gunste van geweld.

Gedurende 1960 word daar 'n noodtoestand in Suid-Afrika afgekondig.[149] Die wedywering tussen die ANC en die PAC, om aansien by die massas te bekom, het sedert 1959 sulke gevaarlike afmetings aangeneem dat dit 'n bedreiging vir die land se openbare veiligheid ingehou het. Dieselfde jaar vind te Sharpville, Langa en op ander plekke ernstige onluste plaas. As gevolg van hierdie onluste, en bedreiging van wet en orde wat ontstaan het, is die ANC en die PAC op 8 April 1960 tot verbode organisasies verklaar en wel ingevolge Wet No. 34 van 1960.[150]

Beide organisasies het egter ondergronds met hulle

veldtogte/

---

148) Vgl. Barnard, L.D.: op. cit., p. 38.

149) Vgl. Die Suid-Afrikaanse Polisie: op. cit., p. 8.

150) Vgl. Die Suid-Afrikaanse Polisie: op. cit., p. 8.

veldtogte vir die omverwerping van die gesag in Suid-Afrika voortgegaan. Die PAC het sy militante arm, POQO, gevorm, terwyl die ANC se agressiwiteit in "Umkhonto We Sizwe" (Spear of the Nation) gekulmineer het. By onder=soek is dit gevind dat "Umkhonto We Sizwe" die sogenaamde militêre vleuel van die Kommunistiese Nasionale Bevrydings=beweging, die "National Liberation Movement", is. Om die wêreld egter onder 'n wanindruk te bring is "Umkhonto We Sizwe" beskrywe as die militêre vleuel van die ANC, maar in werklikheid is dit deur die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party beheer.[151)]

Op 11 Julie 1963 vind die beroemde Rivonia-klopjag plaas, waar die meeste lede van die "High Command" van "Umkhonto We Sizwe" aangekeer is. Die belangrikste fonds van hierdie klopjag was 'n dokument getitel "Operation Mayibuye."[152)] Hierdie dokument het die meesterplan van 'n kommunistiese oorname van Suid-Afrika bevat. Dit het voorts die verskillende fases van 'n beplande guerilla-aanslag behels; wat, indien dit tot uitvoering gebring sou word, die Republiek van Suid-Afrika in 'n bloedbad sou omskep.[153)]

Nelson/

---

151) Vgl. Die Suid-Afrikaanse Polisie: <u>op. cit.</u>, p. 9.

152) "Operation Mayibuye" beteken "Operation Return."

153) Vgl. Die Suid-Afrikaanse Polisie: <u>op. cit.</u>, p. 20.
Vgl. ook De Villiers, H.H.W.: <u>Rivonia</u>, p. 61 - 81.

Nelson Mandela, wat gekies was as leier van die interne sektor van die ANC, het dan ook tydens die Rivonia-verhoor, toe hy die hof toegespreek het, die volgende gesê:

> "I started to make a study of the art of war and revolution and whilst abroad, underwent a course in military training. If there has to be guerilla warfare, I wanted to be able to stand and fight with my people and to share tha hazards of war with them."[154)]

Op sy beurt het Oliver Tembo, die huidige President-Generaal van die ANC hom soos volg uitgelaat:

> "We in the African National Congress do not imagine that the defeat of imperialism in Southern Africa will be quick or easy. We realise it will be longdrawn and bloody. But we are confident of the final outcome. As our forces drive deeper into the South, we have no doubt that they will be joined not by some, but by the whole African nation; by the oppressed minorities, the Indian and Coloured people and by an increasing number of white democrats."[155)]

Die Rivonia-saak sou egter nie die einde van die terroristiese bedrywighede in die binneland van Suid-

Afrika/

---

154) A.N.C. Information Bureau, p. 22.

155) A.N.C. Information Bureau, p. 30.

Afrika beteken nie. Die beleid om die swakkes skaamte= loos aan te val, word verder gemanifesteer toe 'n bom op 24 Julie 1964 op die stasie van Johannesburg ontplof.

Die ANC van Suid-Afrika is egter intussen na Dar-es-Salaam in Tanzanië verskuif, maar aktiewe selle opereer nog binne ons grense.[156)]

B. POQO (PAC)

POQO beteken: "We stand alone", en is teen die einde van 1961 in Langa- en Njanga-lokasies by Kaapstad gestig. Van die begin af was hierdie organisasie terroristies van aard en nie-Blankes, wat nie met die organisasie wou saam= werk nie, is aangerand en geïntimideer.[157)]

Gedurende November 1963 vind die Paarl-onluste plaas en op 15 Februarie 1963 slaan POQO weer toe by die Basbee= rivier in die Transkei. Tydens hierdie onluste is ver=

skeie/

---

156) Vgl. Serof, H., e.a.: op. cit., p. 87.

157) Vgl. Barnard, L.D.: op. cit., p. 39

skeie Blankes vermoor.

Die bedrywighede van hierdie militante organisasie bereik 'n hoogtepunt met 'n deeglik beplande en landswye revolusie op 8 April 1963. Tydens hierdie revolusie sou die 15 000 ondersteuners van POQO dwarsdeur die land op strategiese plekke toeslaan en sodoende die landsregering oorneem en al die Blankes uitwis. 'n Deeglik uitgewerkte plan van die hele revolusie sou dan op 29 Maart 1963 aan die 150 selle van POQO in Suid-Afrika gestuur word. Hierdie briewe is egter deur die Veiligheidspolisie gekonfiskeer en die hele komplot is in die kiem gesmoor.[158)]

Na die inhegtenisname van Sobukwe het Potlako Leballo die leisels oorgeneem en hy het sedert 1964 al hoe meer sy oë op Rooi China gerig vir hulp. Gedurende Julie 1964 het hy en sy belangrikste luitenante dan ook 'n besoek aan Rooi China gebring waar hulle 10 000 dollar ontvang het om die revolusie in Suid-Afrika te begin. In Februarie 1965 het Leballo Peking weer besoek. Hier het hy onder andere "Operation Crusade" help beplan wat gewapende terroriste van die PAC vanaf die noordelike grens na Suid-

Afrika/

---

158) Vgl. Barnard, L.D.: <u>op. cit.</u>, p. 39.

Afrika sou bring. Hierdie sewentien terroriste is dan ook deur die Rhodesiese Veiligheidsmagte in Zambezi-vallei opgespoor en vernietig.[159]

C. "AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT" (ARM)

1. ONTSTAAN

'n Groep van die Liberale Party, wat later bekend gestaan het as die "Socialist League", het by die Liberale Party gepleit om 'n meer radikale rigting, geskoei op sosialistiese grondbeginsels, in te voer. Nadat dié party gedurende sy 1961-kongres die voorstelle van die "Socialist League" verwerp het, het die groep besluit om op eie hout=jie tot geweldpleging oor te gaan.[160]

Gedurende dieselfde tydperk het sommige oud-lede van die onwettig verklaarde "African National Congress" oorge=gaan tot die stigting van hul eie ondergrondse organisasie,

naamlik/

---

159) Vgl. Barnard, L.D.: op. cit., p. 39 - 40.

160) Vgl. Brümmer, J.J.P.: Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika, Ongepubliseerde dokument, p. 61.

naamlik die "African Freedom Movement". Hulle het ten doel gehad om hulle ondergronds en op gewelddadige wyse te beywer vir die sogenaamde bevryding van die Bantoe in Suid-Afrika.[161)]

Gedurende Februarie 1962 het die "Socialist League" en die "African Freedom Movement" saamgesmelt en die naam "African Freedom Movement" behou.[162)] Gedurende Mei 1962 smelt die "African Freedom Movement" en die "National Committee for Liberation" (N.C.L.)[163)] saam en behou laas= genoemde naam, totdat dit later verander het na die "African Resistance Movement."

2. AKTIWITEITE

Tot die middel van 1964 het lede van die "African Resistance Movement" minstens 21 dade van sabotasie met behulp van plofstowwe by kragtorings en spoorweginstal=

lasies/

---

161) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 62.

162) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 62.

163) Sover vasgestel kan word is die N.C.L. deur John Lang en David Berman in Londen gestig om die "bevryding" van Suid-Afrika deur middel van geweld te bewerk= stellig.

lasies gepleeg en sodoende aansienlike skade aangerig. Daarbenewens is Harris, 'n lid van die "African Resistance Movement", op 6 November 1964 ter dood veroordeel omdat hy op 24 Julie 1964 die bom op die Johannesburgse spoorwegstasie laat ontplof het, wat die dood van een persoon en beserings van 22 ander tot gevolg gehad het.[164)]

Alhoewel die "African Resistance Movement" nie direk met die Kommunistiese Party verbind was nie, het dit wesenlik dieselfde oogmerke nagestreef. Voorts is daar getuienis dat die "African Resistance Movement" met verteenwoordigers van die "African National Congress" onderhandelings aangeknoop het met die oog op gesamentlike optrede.[165)]

Die "African Resistance Movement" is dan ook op 25 September 1964 tot onwettige organisasie verklaar.[166)]

D. DIE/

---

164) Vgl. Vermaak, C.: The Red Trap, p. 54.

165) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 64.

166) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 64.

## D. DIE KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA

### 1. INLEIDING

Om lidmaatskap van die Kommunistiese Party te bekom, word as 'n voorreg beskou omdat,

> " ... no one has any prescriptive right, and in conformity with definite rules, to which no exception is allowed."[167)]

Applikante moet dan voorts aan die volgende vereistes voldoen,

> " ... whole-hearted acceptance of the communist creed, as laid down by Marx and as interpreted by Lenin and Stalin. They must manifest this adhesion in their lives by being habitually politically 'active' in their respective spheres; not only by displaying zeal in their daily work of production or service, but also by spontaneous=ly undertaking extra duties of social influence. They must be warrented entirely free from Christian or any other religious or metaphysical 'ideology', regarded as inconsistent with whole-hearted adhesion to Marxian communism."[168)]

Dit kan/

---

167) Webb, S. & B.: Soviet Communism: A New Civilisation, p. 344.

168) Webb, S. & B.: op.cit., p. 344 - 345.

Dit kan aanvaar word dat die Kommunistiese Party internasionaal dieselfde is en dat die doelstellings en strewe van die Kommunistiese Party in Rusland dieselfde is as dié van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party.

Teen hierdie agtergrond word die Kommunistiese Party van Suid-Afrika voorts bespreek en wel, die stigting, struktuur, skakeling met Rusland, aktiwiteite en die optrede op ekonomiese vlak.

(a) Stigting

Die eerste kongres van die "Derde Kommunistiese Internasionale", wat gedurende Maart 1919 in Moskou gehou is, het gedien as aansporing vir die sosialistiese bewegings in Suid-Afrika tot groter deelname.[169) ] Reeds tydens die jaarlikse konferensie van die "International Socialist League", gedurende Januarie dieselfde jaar, is die wenslikheid van nouer samewerking tussen die verskillende sosialistiese organisasies in Suid-Afrika bespreek. Intussen het die "International Socialist League" in beginsel so na aan die "Derde Kommunistiese Internasionale"

gestaan/

169) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 7.

gestaan dat hulle aansoek om affiliasie in 1920 sonder enige teenstand aanvaar is. Gedurende hierdie tyd het die Kaapse "Industrial Socialist League" en die "Communist League" van Johannesburg saamgesmelt om bekend te staan as die "Communist Party of South Africa." Hierdie groep kon egter nie met reg op hierdie naam aanspraak maak nie, aangesien hulle beleid wesenlik met dié van die "Derde Internasionale" verskil het.[170)]

Die tweede kongres van die "Derde Internasionale", wat vanaf 17 Julie tot 7 Augustus 1920 gehou is, het 'n breed=voerige beleidsverklaring met 'n lys van een en twintig punte gepubliseer, wat deur alle partye wat met die Inter=nasionale wou affilieer, aanvaar moes word. W.H. (Bill) Andrews, voorsitter van die "International Socialist League" het op sy beurt dadelik aan die werk gespring ten einde 'n konferensie van alle kommunisties-gesinde organi=sasies in Suid-Afrika te organiseer, sodat moontlike same=smelting op die basis van die een en twintig punte bespreek kon word.[171)]

Nadat twee voorlopige konferensies in Johannesburg

gehou/

---

170) Vgl. Brümmer, J.J.P.: <u>op. cit.</u>, p. 7.

171) Vgl. Cope, R.K.: <u>Comrade Bill</u>, p. 206 - 208.

gehou is, het die "Social Democratic Federation", die "Jewish Socialist Society", die "Durban Marxian Club", die Kaapse Kommunistiese Party en die "International Socialist League" besluit om op die grondslag van boge= noemde een en twintig punte saam te smelt en om bekend te staan as die Kommunistiese Party van Suid-Afrika.[172)]

Die konferensie het voorts voorsiening gemaak vir 'n party-organisasie, wat uit 'n Nasionale Vergadering en verskillende komitees bestaan het. Op 21 Augustus 1921 het die tydskrif The International die Kommunistiese Party van Suid-Afrika se mondstuk geword.

(b) Struktuur

Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika word be= skou as een van die

> " ... oldest Communist Parties outside the Soviet Union ..."[173)] en

"The/

---

172) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 7.

173) Soref, H., e.a.: op. cit., p. 102.

> "The South African Communist Party is a part of the world Communist movement. It partici= pates in meetings of fraternal Communist and Workers' Parties and abides loyally by their common decisions. True to the principles of working class internationalism, the Party works for unity of the workers of the whole world, and especially of the Marxist-Leninist parties."[174)]

Geskoei op die kommunistiese lees, is die struktuur van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika soos volg:

i) <u>Die Nasionale Vergadering</u>

Dit was die hoogste gesag en het bestaan uit ver= teenwoordigers van alle takke en komitees wat deur die betrokke distrikskomitees of vergaderings aangewys is om die vergaderings by te woon. Die getal verteenwoordigers, waarop 'n tak geregtig is, is voorts bepaal op die basis van twee verteenwoordigers vir elke 25 lede of gedeelte daarvan. Die gedeelte mag dan ook nie minder as 10 lede wees nie.[175)]

Op sy/

---

174) The Road to South African Freedom, Program van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, 6de Kongres 1962, p. 48.

175) Vgl. Nel, G.E.P.: <u>op. cit.</u>, p. 92.
Vgl. ook The Communist Party, Constitution and Rules, Kaapstad 1921, p. 3.

Op sy beurt moes hierdie Nasionale Vergadering dan ook minstens een keer per jaar vergader, maar dit kon ook deur die Sentrale Komitee byeengeroep word wanneer dit nodig blyk te wees. Tydens hierdie vergaderings word die beleid bepaal en die leiers vir die hoogste gesags= posisies verkies. Gedurende die vergadering word daar dan ook vier komitees aangestel om bepaalde pligte uit te voer, naamlik die Nasionale Uitvoerende Komitee, die Nasionale Propaganda-komitee, die Jong Kommuniste-vereniging en die Nasionale Fondsinsamelingskomitee.[176]

ii) Die Sentrale Komitee

Die Sentrale Komitee is jaarliks tydens die sitting van die Nasionale Vergadering gekies en het bestaan uit 'n voorsitter, sekretaris, tesourier, nege lede, wat deur die Nasionale Vergadering aangewys word, en drie ver= teenwoordigers, een elk vir Kaapland, Natal en die Vrystaat. Laasgenoemde drie lede word deur hulle onderskeie distriks= komitees aangewys.[177]

iii) Die/

---

176) Vgl. Nel, G.E.P.: op. cit., p. 92.

177) Vgl. The Communist Party, Constitutions and Rules, p. 3.

iii) Die Distrikskomitee

Hierdie komitee het bestaan uit 'n aantal lede wat verskillende takkomitees verteenwoordig het. Elke takkomitee het op sy beurt jaarliks verteenwoordigers na die Distrikskonferensie gestuur, waartydens 'n Distrikskomitee dan gekies is. Die verantwoordelikheid van hierdie komitee was om die partywerksaamhede vir 'n bepaalde distrik te koördineer, rigting aan takkomitees te gee en om te verseker dat die partybeleid toegepas en alle opdragte van die Sentrale Komitee uitgevoer word. Hierdie Distrikskomitees is dan ook in Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen, Durban, Pietermaritzburg en Johannesburg gestig.[178)]

iv) Die Takkomitee

Elke takkomitee word deur sy onderskeie taklede gekies. So 'n tak bestaan uit tien of meer lede,[179)] en hulle vernaamste werksaamhede bestaan uit koördinasie en beheer.

v) Selle/

---

178) Vgl. Nel, G.E.P.: op. cit., p. 93.

179) Vgl. Nel, G.E.P.: op. cit., p. 93.

v) Selle

Die sel of kern (nucleus) vorm die basis van die Party-organisasie.[180] Die hele organisasie van 'n sel word deurgaans op die beginsel van geheimhouding gebasseer. Die ledetal word doelbewus klein gehou om sodoende op= sporing deur die "vyand" te bemoeilik. Hierdie selle word in bepaalde gebiede, fabrieke, barakke, skole, ens. gestig. Die selle word hierdeur die geleentheid gebied om 'n deurtastende studie te maak van alle aspekte van die werk en van nie-partylede self by so 'n fabriek, skool, ens. Deur middel van sy lede kan 'n sel uitvind wat die gees van die massas is en waaroor daar ontevredenheid heers.[181]

Die funksies waarvoor die sel verantwoordelik is, is dan ook kortliks die volgende:

die verspreiding van partybesluite en slag= spreuke onder die massas;

om opleiding te behartig;

die werwing van nuwe lede;

ondersteuning/

---

180) Vgl. Webb, S. & B.: op. cit., p. 358.

181) Vgl. Webb, S. & B.: op. cit., p. 358.

ondersteuning aan plaaslike organisasie met administratiewe en agitasie-aktiwiteite;

aktiewe deelname aan die politieke en ekonomiese lewe van die gebied, ens.[182)]

Voorts is dit duidelik dat die krag van die selle wel opgesluit lê in hulle geheimhouding, toewyding, administrasie en die organisasie waarvan hulle deel vorm.

Lenin was dan ook die eerste persoon om die benaming "sel" te gebruik.

2. SKAKELING/

---

182) Vgl. Nel, G.E.P.: op. cit., p. 95.
Vgl. ook Webb, S. & B.: op. cit., p. 358.
"What the cell and its members have to do is to carry on a persistent education of the other workers, and, by persuasion and personal example, to be perpetually influencing the whole organisation within which it lives, familiarising everyone with the slogans and latest decisions of the Communist Party; in such a way as to attract as new candidates for membership of the Party, the most suitable men and women; and, above all, in such a way as to ensure that all the operations of the enterprise conform in all respects to the "General Line."

## 2. SKAKELING MET RUSLAND

Gedurende 1921 het die Kommunistiese Party van Suid-Afrika die voorgeskrewe 21 punte, wat vroeër in dié hoofstuk genoem is, aanvaar wat voorgeskryf is om met die "Kommunistiese Internasionale" te affilieer.

In November 1922, tydens die Vierde Kongres van die "Kommunistiese Internasionale" te Moskou, is W.H. Andrews van Suid-Afrika gekies om in 1923 as lid van die Uitvoerende Komitee van die "Kommunistiese Internasionale" te dien. Andrews het toe in Mei 1923 na Moskou vertrek om voltydse sitting op die "Kommunistiese Internasionale" te neem.[183)]

In die beginstadium van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika het die heersers in Moskou hulle egter nie veel gesteur aan die sake van die Party in Suid-Afrika nie en het slegs gewone omsendbriewe van algemene aard gestuur. Vanaf 1927 het die leiers in Moskou se houding egter verander en is dié omsendbriewe deur pertinente opdragte vervang. Die "Kommunistiese Internasionale" het dan ook in 1928 'n konsep-resolusie oor Suid-Afrika opgestel, waarin onder andere gemeld is dat die leuse vir die Kommunistiese

Party/

---

183) Vgl. Cope, R.K.: op. cit., p. 287 - 288.

Party van Suid-Afrika 'n onafhanklike nie-Blanke republiek moet wees. Die "Kommunistiese Internasionale" is op 10 Junie 1943 ontbind en sodoende het die amptelike skakeling geleidelik verminder, maar nie verbreek nie.[184)]

3. AKTIWITEITE

Die reeks besuinigingsmaatreëls wat die Kamer van Mynwese teen die einde van 1921 afgekondig het, word beskou as een van die vernaamste redes waarom die 22 000 Blanke mynwerkers aan die Rand gestaak het. Tydens die geregtelike ondersoek is daar dan ook bevind dat die Kommunistiese Party 'n belangrike rol in die staking gespeel het en dat Bill Andrews en Percy Fisher van die vernaamste opstokers was.[185)]

Tot omstreeks 1921 het die lede van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party hulle nie veel aan die Bantoe gesteur nie.[186)] Geleidelik het die Bantoe-probleem egter al

meer/

---

184) Vgl. Nel, G.E.P.: op. cit., p. 103.
Vgl. ook Debatte van die Volksraad (27 Februarie - 3 Maart 1961) Kolom 2396.

185) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 11.
Percy Fisher is nie familie van Braam Fisher nie.

186) Vgl. Nel, G.E.P.: op. cit., p. 112.

meer aandag gekry, veral nadat E.R. Roux, en 'n paar ander jong heethoofde in Johannesburg, 'n "Young Communist League" (Y.C.L.) gestig het. Hierdie lede het hulle dan ook ver= al daarvoor beywer om hulle medelede daarvan te oortuig dat dit 'n belangrike taak van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika behoort te wees om die kommunisme aan jong Bantoes in Suid-Afrika te verkondig.[187)]

Laasgenoemde invloed was dus daarvoor verantwoordelik dat daar 'n keerpunt in die beleid van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika ontstaan het. Waar hierdie Party hom vroeër slegs met Blanke werkers bemoei het, sou dit voortaan onder die dekmantel van bevryding van die Bantoe in Suid-Afrika sy aktiwiteite voortsit.

Die Kommunistiese Party het toe ook dadelik begin om die Bantoes te bearbei en in 1925 het die kommuniste aan die Witwatersrand 'n nagskool vir Bantoes in Ferreirastown gestig.[188)] Reeds so gou as 1928 het die kommuniste die vrugte van hulle volgehoue arbeid onder die Bantoes begin pluk, deurdat talle Bantoes hulle by die Party aangesluit het. In dieselfde jaar het die "Kommunistiese Internasio= nale" 'n konsep-resolusie aan die Kommunistiese Party van

Suid-Afrika/

---

187) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 12.

188) Vgl. Debatte van die Volksraad, (27 Februarie - 3 Maart 1961) Kol. 2396.

Suid-Afrika gestuur, waarin voorgestel is dat lede van die Party hulle moes beywer vir 'n onafhanklike "Bantoe-republiek."[189] Die nuwe "Bantoe-republiekbeleid" het tot gevolg gehad dat soveel Bantoes by die Party aange=sluit het dat daar gevrees is dat dit deur Bantoes, wat geen of baie min kennis van die Marxistiese leerstellings het, oorweldig gaan word.[190]

Dit was dan ook gedurende hierdie tyd dat daar 'n opdrag vanaf Moskou ontvang is, waarin die bestuur van die Party daaraan herinner is dat dit slegs 'n klein en geselekteerde liggaam van die opgeleide revolusioniste moet bly, wat deur middel van die groter massa-organisasies moes optree.[191]

Om aan laasgenoemde opdrag uitvoering te kon gee, is 'n populêre Bantoe-organisasie, die "League of African Rights", gestig.[192] Dit het dan ook dadelik daartoe oor=gegaan om 'n "petition of rights" op te stel, waarin univer=sele stemreg en onderwys vir Bantoes en Kleurlinge op ge=

lyke/

---

189) Vgl. Debatte van die Volksraad: op. cit., kol. 2397.

190) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 19.

191) Vgl. Roux, E.: Time Longer than Rope, p. 226.

192) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 19.

lyke voet met die Blankes gevra word. Voorts is daar ook die afskaffing van die paswette geëis. Hiervoor is 'n veldtog geloods om 'n miljoen handtekeninge te kry vir voorlegging aan die Volksraad. Voordat hierdie veldtog heeltemal uitgevoer kon word, is daar opdrag vanaf Moskou ontvang om dit onmiddellik te beëindig. Daar is gehoor gegee aan die opdrag en hierna het die "League" nog voortgegaan om, in medewerking met die "African National Congress" en die "Industrial and Commercial Workers Union of Africa", 'n aantal protesvergaderings in alle dele van die land teen die Wetsontwerp op Oproerige Byeenkomste (Wet 19 van 1930) te reël.[193)]

Op die gebied van die vakbondwese was die kommuniste eweneens baie bedrywig en in 1927 is verskeie vakbonde gestig onder andere "Native Laundry Workers Union, Native Clothing Workers Union, Native Bakers Workers en Native Mattress and Furniture Workers Union".[194)] Die vakbonde is beheer deur die Kommunistiese Party van Johannesburg.

<u>Umsebenzi</u>, mondstuk van die party, is voorts ingespan

om die/

---

193) Vgl. De Villiers, C.M.: <u>op. cit.</u>, p. 84.

194) Vgl. Brümmer, J.J.P.: <u>op. cit.</u>, p. 15.
Vgl. ook Roux, E.: <u>op. cit.</u>, p. 327.

om die anti-pasboek-veldtog vir 16 Desember 1930 te organiseer. Die doel van die veldtog was om die Bantoes te beweeg om by wyse van demonstrasies in al die groot stede hulle passe te verbrand. Daar was nie groot sukses wat hierdie veldtog betref nie en slegs in Durban is 'n mate van sukses behaal toe 3 000 Bantoes hulle passe ver= brand het.[195)]

Hierna het selfs agente van die "Kommunistiese Inter-nasionale" uit Moskou in Suid-Afrika aangekom en onder hulle leiding is planne opgestel om die Party se bedrywig= hede en invloed uit te brei. Hulle het hul dan ook veral toegelê op: die stigting van nuwe Bantoevakbonde; spesiale dagskole vir voltydse ampsdraers; die organisering van Bantoemynwerkers; die uitbreiding van Umsebenzi - en die plasing van kommunistiese selle in fabrieke, op plase, in vakbonde en in massa-organisasies.[196)]

Hieruit is dit duidelik waarneembaar dat die Bantoe se invloed in die Kommunistiese Party van Suid-Afrika ge= leidelik uitgebrei het en nog later teen 'n redelike tempo begin toeneem het.

In 1937/

---

195) Vgl. Lerumo, A.: Fifty Fighting Years - The South African Communist Party 1921 - 1971, p. 67.

196) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 23.

In 1937 het die Kommunistiese Party van Suid-Afrika dan ook 'n nie-Blanke organisasie, naamlik die "National Liberation League of South Africa" gestig.[197] Die doel van hierdie organisasie was om te poog om algehele sosiale, politieke en ekonomiese gelykheid vir die nie-Blankes met ander rassegroepe daar te stel. Hierdie organisasie het egter later, as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling, doodgeloop.

Teen die middel van die veertigerjare het die Kom= munistiese Party verskeie pogings aangewend om die kom= munisties-gedomineerde organisasie te gebruik om groot= skaalse onrus in die land te veroorsaak, met die doel om die regering te verswak en die Kommunistiese Party van Suid-Afrika te vergroot. Hier word dan ook gedink aan die staking waarby 70 000 mynwerkers in 1946 aan die Wit= watersrand betrokke was. In 'n Polisie-ondersoek na hier= die voorval, kon die hand van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika duidelik waargeneem word.[198]

Vir die daaropvolgende jare het die Kommunistiese Party van Suid-Afrika van krag tot krag gegaan om deur

middel/

---

197) Vgl. Lerumo, A.: op. cit., p. 76.

198) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 30.

middel van sy beproefde insypelingstaktiek, sy invloed op alle terreine en in soveel organisasies as moontlik uit te brei.

Die Algemene Sekretaris van die Kommunistiese Party is dan ook reeds in 1949 verkies tot lid van die "African National Congress" se Uitvoerende Komitee.[199] As gevolg hiervan het dit vir die Kommunistiese Party moontlik ge= word om hierdie organisasie te gebruik as 'n werktuig in die stryd om die beheer van die land oor te neem.

Op nywerheidsgebied het die kommuniste hulle goed ingegrawe en in Februarie 1949 is van owerheidsweë ver= klaar dat die kommuniste toe reeds sowat een derde van die 215 geregistreerde vakbonde in die land beheer het.[200] Dit dui weer eens daarop dat die kommunistiese resep slaafs

nagevolg/

---

199) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 32.

Vgl. ook Debatte van die Volksraad, kol. 2396, waar Dr. de Wet hom soos volg in die Volksraad uitgelaat het:

"Dit is toe van 1926 af dat die Kommunistiese Party veral sy aandag gewy het aan die African National Congress, en hom so erg gewy het aan die ANC en soveel sukses gehad het daarmee dat die hoofkantoor van die Kommunistiese Party en die hoofkantoor van ANC dieselfde was in Johannesburg. Die Kommunis= tiese Party het so gegroei dat in 1928 hy die sterk= ste nie-Blanke organisasie in Suid-Afrika was."

200) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 32.

nagevolg is, want Lenin het verklaar dat die fabriek die vesting van die kommunisme behoort te wees. Voorts is die belangrikheid van fabrieke, nywerhede en vakbonde daarin geleë dat hulle geleenthede aan die proletariaat bied om beter vir die stryd teen kapitalisme voor te berei, die klassestryd beter te verstaan en die taak van die proletariaat beter te begryp. Vakbonde kan dus as skakels dien vir die massas en as inrigtings vir administratiewe opleiding. Op hul beurt is vakbonde dan ook die sleutel=punte waardeur kapitalisme vernietig kan word.[201)]

Die regering van die Nasionale Party was egter deeglik bewus van hierdie toenemende bedreiging wat die veiligheid van die staat in gevaar gestel het en in 1950 is daar dan ook wetgewing ingedien wat die Kommunistiese Party van Suid-Afrika tot onwettige organisasie verklaar het, en wel die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, Wet No. 44 van 1950 .[202)]

Volgens/

---

201) Vgl. Nel, G.E.P.: op. cit., p. 138.

202) Vgl. Debatte van die Volksraad (15 Mei - 19 Mei 1950) kol. 6912, waarin die Minister van Justisie hom soos volg uitlaat tydens die afkondiging van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, Wet No. 44 van 1950. "In die ernstige besef dat kommunisme vandag nie al=leen 'n wêreldgevaar is nie, maar veral hier in ons eie land besig is om in die wortels van ons tradisionele lewensbeskouing in te vreet, ons Christelike beskawing te ondermyn en die volk se lewensveiligheid te bedreig, is dit uiters noodsaaklik dat 'n ernstige poging aan=gewend sal word om 'n verenigde front teen die be=dreiging van Kommunisme te verseker."

Volgens H.A. Wessels sou dit veel beter gewees het om 'n ander benaming aan hierdie wetgewing te gee. Hy is die mening toegedaan dat die bestaande wetgewing 'n baie vae omskrywing gee van wat die kommunisme is en dat dit baie makliker sou gewees het om Wet 44 van 1950 eenvoudig net die Wet op die Onderdrukking van Ondermynende Bedrywighede te noem.

> "Die Kommunistiese Party as sodanig kon dan maar behoue gebly het, want sonder die medewerking van sy geheime leër, van saboteurs en vyfde kolonners, sou dit magteloos gewees het. Hierdie front van die kommuniste se aanslag sou 'n leë skadubestaan gevoer het, en sonder enige hoop op sukses, sou dit tot niet gegaan het."[203)]

Dit sou dus beter gewees het om die persone aan die man te bring as om die denkrigting, wat al sodanige persone kenmerk, te verbied. Dit is algemene kennis dat, nadat die Kommunistiese Party onwettig verklaar is, die partygenote nog daar was om die werk in die geheim voort te sit. Om dit te bevestig word 'n kommunistiese skrywer aangehaal:

" ... immediately/

---

203) Vgl. Wessels, H.A.: op. cit., p. 45.

> " ... immediately after dissolution, the seasoned Marxist-Leninist core came together to hammer out a course of action in the light of South African Realities."[204)]

Die kommuniste het egter nie gewag vir die wetgewing om gepasseer te word voordat hulle ontbind het nie. Die ontbinding is in die parlement aangekondig deur die kom= munistiese L.V., Sam Kahn. Gedurende Mei 1952 is laasge= noemde dan ook geskors as Naturelle-verteenwoordiger in die Volksraad, maar gedurende Augustus dieselfde jaar is hy weer benoem deur sy ondersteuners, welke nominasie deur die uitvoerende gesag afgekeur is.[205)]

Nog het die uittarting van die landswette en opstokery voortgegaan, en omdat die regering, tereg, al die onrus aan kommunistiese agitators toegeskryf het, is die Rus= siese konsulaat in Pretoria in 1956 gesluit. Aan die einde van daardie jaar is meer as 150 verdagte kommuniste in hegtenis geneem en van hoogverraad aangekla.

4. KOMMUNISTIESE/

---

204) Lerumo, A.: <u>op. cit.</u>, p. 97.

205) Vgl. Roux, E.: <u>op. cit.</u>, p. 380 - 382.

4. KOMMUNISTIESE OPTREDE OP EKONOMIESE VLAK

Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika, wat steeds gepoog het om die massas by die stryd teen kapitalisme te betrek, het egter probleme ondervind om die nie-Blankes in 'n eenheid saam te snoer. Die rede hiervoor is dat die verskillende volke, tale en stamgewoontes skynbaar 'n on= oorbrugbare hindernis op die pad na solidariteit was. As oplossing vir die probleem is na die gemeenskaplike faktor gesoek waardeur al die nie-Blankes verenig kon word. Volgens Nel is die oplossing skynbaar in die arbeid of die handel gevind.[206)] As gevolg hiervan het die kommuniste gepoog om die nie-Blanke arbeiders in vakbonde te verenig. Vir die kommunis is, soos hierbo betoog is, vakbonde die sleutelpunt waardeur die kapitalisme ver= nietig kan word.

Gedurende Augustus 1946 het 70 000 nie-Blanke myn= werkers, onder aansporing van die kommunisties-beheerde "African Mine Workers' Union" en die Johannesburgse Dis= trikskomitee van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika, met 'n staking begin. Van 1931 af tot 1935 was daar 70 stakings wat 16 650 werkers betrek het en van 1942 af tot 1948 was daar 100 stakings waaraan 112 000 werkers deel=

geneem/

---

206) Vgl. Nel, G.E.P.: op. cit., p. 138.

geneem het.[207]

Gedurende Maart 1955 het 'n groep gelyste kommuniste, wat uit geregistreerde vakbonde moes bedank, 'n nuwe vak= bond, naamlik die "South African Congress of Trade Unions", gestig. Alhoewel dit bedoel was om 'n veelras= sige vakbondorganisasie te wees, is dit egter hoofsaaklik op die Bantoe toegespits.[208] Hierdie vakbond was dan ook verantwoordelik vir die staking van Port Elizabeth se dokwerkers en die staking van 600 werkers van die "Con= solidated Textile Mills" in Durban gedurende 1957.

Met Abram Fisher se arrestasie gedurende 1965, is 'n dokument in sy besit gevind, waarin die Party die belang= rikheid van vakbonde in die stryd teen kapitalisme duide= lik onderstreep.[209] Dit is duidelik dat vakbonde nie slegs poog om veranderings teweeg te bring nie, maar dat dit ook poog om internasionale steun te verkry.

"We/

---

207) Vgl. Report on Communism up to January 1948, p. 16
Soos aangehaal deur Nel, G.E.P.: <u>op. cit.</u>, p. 140.
Vgl. ook Benson, M.: <u>op. cit.</u>, p. 124 - 137.
(<u>The African Patriots</u>)

208) Vgl. Report on Communism up to January 1948, p. 36.

209) Vgl. Nel, G.E.P.: <u>op. cit.</u>, p. 144.

> "We cannot expect any radical change in South Africa's policy until its economic foundations begin to crack".[210)]

Die kommuniste beywer hulle dus hoofsaaklik om die arbeider se skynbare belange te bevorder, omdat dit 'n bydraende faktor kan wees om 'n sosialistiese revolusie te verseker.

Die "Industrial and Commercial Workers Union of Africa" het egter sy deure vir die kommuniste gesluit en gesoek waar die nie-Blanke bearbei kon word. Hulle het gevolglik al meer aandag aan die ANC begin gee.[211)]

## 5. SAMEVATTING EN SLOT

In die voorafgaande twee hoofstukke het ons gepoog om aan te toon dat daar in die Republiek van Suid-Afrika ver= skeie ondermynende organisasies is, of was, wat deur terreur en ondermyning gepoog het om die bestaande orde omver te werp, en om sodoende die veiligheid van die staat

in gevaar/

---

210) Van den Berg, H.J.: "Die Kommunisme in Suid-Afrika", p. 197. Soos aangehaal deur Nel, G.E.P.: op. cit., p. 144.

211) Vgl. Brümmer, J.J.P.: op. cit., p. 14.

in gevaar te stel. Soos reeds daarop gewys, kwalifiseer die meeste van hierdie ondermynende organisasies as kommunistiese frontorganisasies en daarom is dit nodig om die kommunisme en wel die Kommunistiese Party van Suid-Afrika te toets aan die beginsels van die regstaat.

Eerstens het die Kommunistiese Party geen bestaansreg in die Republiek nie, omdat dit afstuur op 'n totalitêre staat waar geen privaat- en publiekregtelike burgerregte gedoog word nie en die regstaat volledig in die grond geboor word. Op hierdie staatsterrein kan 'n politieke party alleenlik gedoog word as die religie aan die wortel van die party se geloofsbelydenis die staatsvolk se beskawing kan laat ontwikkel in die rigting van 'n geïndividualiseerde regstaat.

Die Kommunistiese Party kan nie in die ware sin van die woord as party kwalifiseer nie, omdat geen party sy doelstellings met geweld durf bevorder nie. 'n Politieke party, in teenstelling met die staatsverband, is nie in die historiese swaardmag gefundeer nie. Indien dit gebeur dat 'n politieke organisasie met die swaardmag opereer, is dit in anti-normatiewe vaarwater - 'n politieke leer en geen politieke party nie.[212] Met ander woorde, die

histories-politiese/

---

212) Vgl. Strauss, H.J.: Staatsleer III Diktaat, p. 13.

histories-politiese fundering van die politieke partyver= band lewer by voorbaat 'n struktuur waarin daar in begin= sel vir swaardmag en vir beroepsmag geen ruimte is nie.

Wat die internasionale Kommunistiese Party betref word publiekregtelike burgervryhede in die sin van kies= reg, politieke pers- en spraakvryheid, organisasievryheid en vryheid van lewe en die persoon by wyse van 'n geskrewe grondwet gewaarborg. H.A. Wessels is die mening toegedaan dit in die praktyk heel anders daar uitsien omdat die indrukwekkende lys in die grondwet vervat, hoofsaaklik opgestel is vir propagandadoeleindes en in werklikheid van nul en gener waarde is.[213)]

'n Kommunistiese staat onderwerp voorts alle ander lewensvorme op sy territorium totalitêr. Die beginsel van soewereiniteit in eie kring geld nie en gevolglik kan daar geen privaatregtelike burgervryhede wees nie. Die norma= tief-begrensde owerheidsgesag word dus deur staatslawerny vervang.

Uit die geskiedenis is dit duidelik dat, indien 'n Kommunistiese Party aan bewind kom, daar alleenlik 'n

kommunis/

---

213) Vgl. Wessels, H.A.: op. cit., p. 56 - 57.

kommunis hom verkiesbaar mag stel vir die owerheidsamp en vir lidmaatskap van die staatsorgane. Van kiesreg, in die sin van die burgery se vryheid om die owerheid aan bewind te plaas, kom niks tereg nie, omdat daar geen kans is om teen die party-genomineerde kandidate te staan nie.

Die einddoel van alle kommunistiese strewe is om die sosialistiese en kommunistiese samelewing te verwesenlik.[214] Daarom het die opkoms van hierdie strominge, wat na 'n totalitêre owerheidstaak in Suid-Afrika strewe, dit al hoe meer aktueel en moeiliker vir die owerheid gemaak om sy taak uit te voer. Teoreties-prinsipieel moes daarna gestrewe word om 'n owerheidstaak te postuleer wat hierdie totalitêre neiging tot die wortel sal uitroei, en terselfdertyd reg laat geskied aan die faktiese behoeftes van die staatsvolk.

Na aanleiding van bogenoemde kan daar nie tot 'n ander gevolgtrekking gekom word nie as, dat die owerheid volkome regverdig en binne sy opgelegde magte opgetree het by die onderdrukking van die Kommunistiese Party en die ander anti-Suid-Afrikaanse organisasies in Suid-Afrika.

'n Ander/

---

214) Vgl. Goedhart, B.: Die Adel van jou naam, p. 38.

'n Ander aspek wat in hierdie studie na vore getree het, is dat kommunisties georiënteerde studenteorganisasies in die Republiek hulle beywer vir verandering wat nood= wendig moet lei tot die vervanging van die bestaande orde in Suid-Afrika. In hierdie sogenaamde verandering wat hulle bepleit, is onder andere algehele gelykheid tussen Blank en nie-Blank, en hulle maak ook nie 'n geheim daarvan dat hulle geweld sal aanwend om hulle doel te bereik nie.

In die regstaat kan Blank en Bantoe nooit saam aan dieselfde politieke party behoort nie. Die Bantoe kan slegs aanleun of parasiteer op die Blankes se politieke gereedskap in die Blankes se geïndividualiseerde regstaat. Hierdie regstaat is 'n staatsvorm wat aan die Bantoe se religieus-geleide beskawingserfenis en beskawingstoestand heeltemal vreemd is, omdat daarvoor in hulle eie aktstruk= tuur in samelewingsorde beslis geen religieuse horison is nie. Daarom is afsonderlike state ingebed in die eie religieuse erfenis en beskawingstand vir Blank sowel as nie-Blank die hoogste waarborg van vryheid.

Teen hierdie agtergrond is dit baie duidelik waarom die staatkundige saambinding van ons verskillende bevol= kingsgroepe die sogenaamde rasseprobleem so akuut maak. Sodra die owerheid nie vir alle onderdane uit alle bevol= kingsgroepe dieselfde publiekregtelike voorsiening maak

nie/

nie, sê die skynbaar verontregtes, dat daar teen hulle gediskrimineer word. Die waarheid is egter dat die veelheid van regsbelange, wat deur die owerheid van die Republiek in ewewig en harmonie gehou moet word nie die regte en vryhede van gelykbeskaafde mense en bevolkings= groepe is nie. Die diversiteit en verskille in beskawings- en kulturele stand maak diverse maatreëls noodsaaklik.

## SLOT

In die Republiek is daar opgetree teen ongewensde partye, hierna het dié partye ondergronds gegaan en sabotasie en terreur gepleeg, maar nadat teen hulle opge= tree is, het hulle leiers die land uitgevlug en het toe ge= trag om van buite, gerugsteun deur die swaardmag van lande wat hulle in hulle strewe steun, die bewind in Suid- Afrika omver te werp.

Ons wil mèt H.A. Wessels akkoord gaan, wanneer hy sê dat die beste wyse om die kommunisme in die Republiek te bekamp, is om hulle met hulle eie wapens te beveg, nl.:

> om deur middel van die kommunikasiemiddels
> tot die mens se beskikking die "kommunisme"
> aan die Bantoe te ontmasker, en

dat die/

> dat die regstaat aan die Bantoe tuisgebring moet word sodat hy dit kan aanvaar as sy eie.[215)]

Op hierdie wyse sal die kommuniste dan hulle belang=rikste, en waarskynlik hulle enigste werklike wapen teen die Republiek, verloor. Dit doen ons dan ook deur die skepping van die onafhanklike state van ons Bantoe volks=groepe.

HOOFSTUK VI/

---

215) Vgl. Wessels, H.A.: Die stryd van die Republiek van Suid-Afrika teen "kommunistiese" Imperialisme - 'n Staatsfilosofiese studie, ongepubliseerde D. Phil-Tesis, Bloemfontein, 1972, p. 348.

# HOOFSTUK VI

## DIE REPUBLIEK SE VERWEER TEEN TERREUR EN ONDERMYNING

Die Uitvoerende Gesag het reeds so vroeg as 1950 besef dat geldende hofprosedures en metodes, soos voorge= skryf in die Strafproseswet en ander hulpmiddele soos be= liggaam in die Suid-Afrikaanse Strafreg, nie doeltreffend genoeg sou wees om die kommunistiese opmars met gepaard= gaande terreur en ondermyning die hoof te bied nie. Die vermoede dat geldende reg nie aan die vereistes om die nuwe ondergrawingstegnieke te stuit, voldoen nie, het gegrond geblyk te wees tydens die berugte hoogverraadsaak gedurende 1956, wat op 'n fiasko vir die staat uitgeloop het.

Nuwe wetgewing, nuwe prosedures en metodes moes egter daargestel word wat ongelukkig, maar as noodsaak, 'n af= wyking en gevolglik 'n mate van aantasting van die aanvaar= de beginsels van die Romeins-Hollandse reg tot gevolg ge= had het.

As gevolg hiervan het die Parlement ingevolge Wet No. 32 van 1961 (seksie 59), homself die volgende magte

toegeëien/

toegeëienten opsigte van veiligheidswetgewing.[216)]

"1) Die Parlement is die soewereine wetgewende gesag in en vir die Republiek, en het volle mag om vir die vrede, orde en goeie regering van die Republiek wette te maak.

2) Geen geregshof is bevoeg om ondersoek in te stel na of uitspraak te doen oor die geldigheid van 'n wet wat deur die Parlement aangeneem is nie, behalwe 'n wet wat die bepalings van Artikel honderd-en-agt of honderd-en-agtien herroep of wysig of heet te herroep of te wysig."[217)]

Dit is egter steeds die aanvaarde Engelsregtelike standpunt.

Teen die agtergrond van hierdie studie kan ons onsself nou die vraag afvra of hierdie stap van die owerheid daartoe aanleiding gegee het dat die individu sy regte en vryhede moes prysgee al dan nie. Verloren van Themaat bied miskien die antwoord hierop wanneer hy sê dat daar in elke staat iemand se "fundamentele regte of vryhede"

weggeneem/

---

216) Die "International Commission of Jurists" beskou dit as 'n verkragting van die "Rule of Law".

217) Wette van die Republiek van Suid-Afrika: Wet No. 32 van 1961 (seksie 59).

Vgl. ook Falk, R.A.: Erosion of the Rule of Law in South Africa, International Commission of Jurists, August 1968, p. 1.

weggeneem of ingekort kan word na 'n behoorlike regsgeding, indien dit blyk dat so 'n persoon die fundamentele regte of vryhede van ander of die gesag van die staat aangetas het.[218] 'n Persoon mag dus nie sy regte en vryhede mis= bruik deur dié van 'n ander te ontneem of die veiligheid van die staat in gevaar stel nie.

Weens die besondere toestande in Suid-Afrika het die Wetgewende Gesag dit voorts goedgedink om bepaalde verdere beperkings op hierdie vryhede te plaas:

Eerstens is daar die volgende beperkings van die vryheid van spraak en beweging.[219]

i) Onder spesiale magtiging van die Minister van Justisie, is 'n landros bevoeg om 'n open= bare samekoms te verbied, as hy genoegsame rede het om te vrees dat dit die openbare rus in sy distrik ernstig sal bedreig.[220] So 'n verbod

kan bekend/

---

218) Vgl. Verloren van Themaat, J.P., e.a.: Staatsreg, p. 134.

219) Wet op Oproerige Byeenkomste, No. 17 van 1956.

220) Art. 2(1) en (2) van Wet No. 17 van 1956 en Art. 2 (3) bis. en ter. soos ingevoeg deur Art. 19 van Wet No. 76 van 1962.

kan bekend gemaak word deur kennisgewing in die koerante of deur kennisgewings aan die publiek uitgedeel en op 'n ooglopende openbare plek op= geplak. Elkeen wat in stryd met so 'n verbod deelneem aan die reëling van 'n openbare samekoms, pleeg 'n misdaad.

ii) Die Minister van Justisie het self ook die bevoegdheid om 'n openbare samekoms, of die bywoning daarvan deur 'n bepaalde persoon, te verbied, indien hy genoegsame rede het om te vrees dat daardeur gevoelens van vyandskap tussen Blankes en ander inwoners van die Republiek verwek kan word.[221)]

iii) Op sy beurt het die Staatspresident die be= voegdheid om 'n publikasie te verbied wat na sy oordeel bereken is om gevoelens van vyandskap tussen Blanke en ander inwoners van die Republiek te verwek.[222)]

iv) Voorts het die Minister van Justisie ook die bevoegdheid om 'n persoon te belet om in 'n bepaalde gebied aanwesig te wees, indien daar ge= noegsame redes is om te glo dat so iemand ge= voelens van vyandskap tussen die Blankes en ander inwoners van die Republiek sal verwek.[223)]

v) Artikel/

---

221) Art. 2 (3) van Wet No. 16 van 1956.

222) Art. 2 (3) van Wet No. 17 van 1956.

223) Art.'s 3 (5) tot (8) van Wet No. 17 van 1956.

v) Artikel 29 van die Naturelle Administrasie=wet,[224] verbied die uit van woorde of die doen van dade met opset om gevoelens van vyandskap tussen Bantoes en Blankes te verwek.

Tweedens is daar sekere beperkings op die bewegings van persone in stadsgebiede in die Republiek. Blankes mag bv. nie sonder die nodige toestemming gebiede binne=gaan wat spesiaal vir Bantoes gereserveer is nie en andersom.

Derdens word daar bepaalde gebiede gereserveer vir bepaalde groepe. So bv. mag Blankes nie grond verkry wat vir Bantoes opsy gesit is nie.[225]

Vierdens word deur die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme sekere beperkings opgelê.[226] Die vernaamste beperkings is onder andere die volgende:

i) Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika, met al sy vertakkings, word tot onwettige organi=sasie verklaar, terwyl ander organisasies wat die kommunisme propageer of dit voorheen gedoen het, ook deur die Staatspresident tot

onwettige/

---

224) Wet No. 38 van 1927.

225) Vgl. Groepsgebiede Wet.

226) Wet No. 44 van 1950, soos gewysig deur Wet No. 50 van 1951, No. 15 van 1954, No. 76 van 1962, No. 37 van 1963, No. 80 van 1964 en No. 97 van 1965.

onwettige organisasies verklaar kan word.[227)]

ii) Sodra 'n organisasie tot onwettige organi= sasie verklaar word, moet alle lede en amps= draers daarvan bedank, mag niks meer ten voor= dele van daardie organisasie bygedra of verkry word en geen tekens daarvan mag gedra word nie.[228)]

iii) Alle eiendom van 'n onwettige organisasie gaan oor op 'n amptenaar genoem die beredde= raar van onwettige organisasies.[229)]

iv) Aan persone wat kommuniste is word bepaalde beperkings opgelê. So 'n persoon kan verplig word om te bedank as lid of beampte van 'n be= paalde organisasie of openbare liggaam, of hy moet aan sekere voorwaardes voldoen terwyl hy lid van so 'n organisasie of liggaam is, of hy kan belet word om lid of beampte daarvan te wees.[230)]

v) Publikasies wat die kommunisme bevorder of wat deur onwettige organisasies uitgegee word of hulle sienswyse onder andere propageer, of hulle oogmerke bevorder, kan deur die Staats=

president/

---

227) Art. 2 van Wet No. 44 van 1950, soos gewysig.

228) Art. 3 (1) van Wet No. 44 van 1950, soos gewysig.

229) Art. 3 (1) (b) van Wet No. 44 van 1950, soos gewysig.

230) Art. 5 (a) tot (d) van Wet 44 van 1950, soos gewysig.

president sonder kennisgewing verbied word.[231]

vi) Bevordering van die kommunisme en alles wat daarmee saamhang, sowel as oortredings van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme is 'n misdaad.[232]

vii) 'n Kommunis of iemand wat van sekere misdade ingevolge artikel 11 skuldig bevind is, kan as ongewensde ingesetene gedeporteer word tensy hy 'n Suid-Afrikaanse burger deur geboorte of afkoms is.[233]

<u>Vyfdens</u> let ons op die Wet op Openbare Veiligheid.[234] Artikel 2 van hierdie wet magtig die Staatspresident om - indien daar rede is om te glo dat 'n bepaalde toestand ontstaan of dreig om te ontstaan, wat van so 'n aard is dat die veiligheid van die publiek of die handhawing van openbare orde daardeur bedreig word, en - die gewone landswette onvoldoende is om die regering in staat te stel om die veiligheid van die publiek te verseker of die open= bare orde te handhaaf - by proklamasie in die Staats= koerant te verklaar dat daar binne die Republiek of binne

'n bepaalde/

---

231) Art. 6 van Wet 44 van 1950 soos gewysig deur Art. 5 van Wet No. 50 van 1951 en Art. 2 van Wet No. 97 van 1965.

232) Art. 11 van Wet No. 44 van 1950, soos gewysig.

233) Art. 12 (3) soos ingevoeg deur Art. 11 van Wet No. 76 van 1962.

234) Wet No. 3 van 1953.

'n bepaalde gebied vanaf 'n datum in die proklamasie ge= noem, wat 'n datum hoogstens vier dae vroeër as die datum van die proklamasie kan wees, 'n noodtoestand be= staan.

Die <u>sesde</u> beperking op die vryheid van persone vind ons in die Algemene Regswysigingswet,[235] wat algemeen bekend is as die 90 dae wetgewing. Dit lui soos volg:

'n Polisie-offisier kan 'n persoon wat op redelike gronde daarvan verdink word dat hy 'n misdryf ingevolge

(a) die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme,

(b) ingevolge laasgenoemde wet soos toegepas op die Wet op Onwettige Organisasies, of

(c) sabotasie gepleeg het of van voornemens was om dit te pleeg, of

(d) wat oor enige inligting beskik met betrekking tot die pleeg van so 'n misdryf

sonder 'n lasbrief in hegtenis neem of laat neem, en vir ondervraging in verband met die pleeg van daardie misdryf in hegtenis aanhou of laat aanhou, totdat daardie persoon, na die oordeel van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse

Polisie/

---

235) Art. 17 van Wet No. 37 van 1963.

Polisie alle vrae by bedoelde ondervraging op bevredigende wyse beantwoord het, maar geen sodanige persoon word by 'n bepaalde geleentheid, wanneer hy aldus in hegtenis geneem word, langer as 90 dae aangehou nie.

Hierdie bepalings was dan ook die eerste van 'n reeks wat daarop gemik is om agitators en staatsgevaarlike op= ruiers op te ruim, bewegings deur aanhouding aan bande te lê en inligting deur ondervraging te bekom.[236)]

Sedert 11 Januarie 1965 is artikel 17 van hierdie wet by proklamasie opgeskort en is dit nog nie weer in werking gestel nie, maar indien omstandighede dit sou regverdig kan die Staatspresident dit weer by proklamasie van toe= passing maak. Met die oog op die latere wetgewing met betrekking tot aanhouding van sekere persone vir onder= vraging, soos vervat in artikel 6 van die Wet op Terrorisme, No. 83 van 1967 en Art. 22 van Wet No. 62 van 1966 (Algemene Regswysigingswet) wat van 'n meer permanente aard is, kan met sekerheid aanvaar word dat hertoepassing van die 90-dae klousule nie sonder meer oorweeg sal word nie.

Die laaste/

---

236) Vgl. Falk, R.A.: op. cit., p. 20 - 23.

Die laaste beperking waaraan aandag gegee word, is die aanhouding van getuies kragtens lasbrief deur die Prokureur-Generaal uitgereik (180 dae klousule).[237] Dit lui soos volg:

i) Wanneer na die oordeel van die Prokureur-Generaal daar gevaar bestaan dat daar met 'n persoon, wat waarskynlik vir die staat getuienis van wesenlike belang in 'n strafsaak kan aflê, ingemeng sal word of dat so 'n persoon geïntimideer sal word of sal vlug, of wanneer hy dit in die belang van so 'n persoon of van die regspleging ag, kan hy 'n lasbrief vir die inhegtenisneming en aanhouding van so 'n persoon uitreik.

ii) Tensy die Prokureur-Generaal gelas dat 'n ingevolge subartikel (1) aangehoudende eerder vrygelaat word, word hy aangehou vir die tydperk wat verstryk op die dag waarop die verhoor van die betrokke strafsaak afgehandel word of vir 'n tydperk van ses maande na sy inhegtenisneming, watter tydperk ook al die kortste is.

Hierdie wetgewing het noodsaaklik geword nadat staatsgetuies, veral in sake van 'n politieke aard, summier om die lewe gebring, geïntimideer, geterroriseer, ontvoer is en oorgehaal is om valse getuienis te lewer. Volgens polisie-verslae was daar, sover bekend, teen die begin van 1965 reeds 11 staatsgetuies vermoor, 48 het verdwyn en

talle/

---

237) Art. 215 bis. van die Strafproseswet No. 56 van 1955.

talie het uit vrees vir weerwraak geweier om getuienis te lewer.

Ten slotte kan ons onsself die vraag afvra of bogenoemde wetgewing 'n ernstige inbreuk maak, of gemaak het, op die fundamentele vryhede van die individu al dan nie. Ons moet aanvaar dat die genoemde maatreëls buitengewoon is en in vele opsigte bedenkings by die juris sal uitlok.

Verloren van Themaat spreek egter die vertroue uit dat daardie faktore in 'n staat, wat buite die sfeer van die reg val en tog dikwels die sterkste pilare van 'n demokratiese staatsvorm uitmaak, te wete openbare mening, parlementêre beheer en waaksaamheid en integriteit van die Uitvoerende Gesag, sal voorkom dat van hierdie maatreëls gebruik gemaak word om intimidasie en onderdrukking in die hand te werk.[238)]

Dit is wel so dat die wet inderdaad voorsiening maak vir die inkorting van onderdane se gewetens- en bewegings= vryhede sowel as vir die aantasting van hulle subjektiewe regte. Wat egter die saak vererger, is dat die bevoegd=

heid/

---

238) Vgl. Verloren Van Themaat, J.P., e.a.: op. cit., p. 140.

heid om genoemde inkortings en aantastings te bewerkstel= lig, nie aan die howe nie, maar aan die Uitvoerende Gesag gegee word. Verloren van Themaat verdedig hierdie wet= gewing soos volg:

Eerstens voer hy aan dat dit die resultaat is van 'n oortuiging wat lankal by die volk bestaan en dat die parlement deur die jare slegs hieraan vergestalting deur wetgewing gegee het en tweedens voer hy aan dat die wette noodsaaklik is vir die veiligheid van die staat en derdens dat daar steeds voorsiening ter voorkoming van vergrype gemaak word, byvoorbeeld parlementêre en judisiële beheer.[239)]

SLOT

Die owerheid moes dus noodgedwonge gebruik maak van buitengewone en soms drastiese maatreëls om te verhoed dat 'n vyand wat met sabotasie en gesagsondermyning as wapen= tuig, afstuur op algehele anargie waaruit 'n kommunistiese diktatuur kan verrys. Die wetgewing, waartoe die ower= heid hom gewend het, dui op geen magsusurpsie nie, want

die regstaat/

---

239) Vgl. Verloren van Themaat, J.P., e.a.: op. cit., p. 139.

die regstaat kan hom nie blind staar teen die konstitusionele waarborge van die vryheid van die burger en daarmee een van die grondliggende aspekte van die owerheidstaak ignoreer nie. Die doel van hierdie wetgewing is om 'n staatskultus, waar daar geen sprake van politieke medeseggenskap en burgervryhede is nie en waar 'n totalitêre staatsordening, wat die lewe van die onderdane onder die beslag van 'n diktatoriale leiersbevel wil plaas, af te weer.

o o O o o

# LITERATUURLYS

## BIBLIOGRAFIE


Benson, M.: The African Patriots, Faber and Faber, Londen, 1963.

Benson, M.: The Struggle for a Birthright, Penguin African Library, Londen, 1966.

Cantor, N.F.: The Age of Protest, Compton Printing Ltd., Londen, 1969.

Cope, R.K.: Comrade Bill, Stewart, Kaapstad, 19-.

De Villiers, H.H.W.: Rivonia, Operation Mayibuye, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1964.

De Wet, J.C., en Swannepoel, H.L.: Die Suid-Afrikaanse Strafreg, Butterworth & Co. (Africa) Ltd., Durban, 1970.

Dooyeweerd, H.: The Christian Idea of The State, Craig Press, New Jersey, 1968.

Falk, R.A.: Erosion of the Rule of Law in South Africa, International Commission of Jurists, Genèva, Switzerland, Agustus 1968.

Goedhart, B.: Die Adel van jou naam, Johannesburg, 1972.

Khoapa, B.A.: Black Review - 1972, Black Community Programmes, Durban, 1973.

Langa, B.: SASO on the Attack, Durban, 1973.

Lerume, A.: Fifty Fighting Years - The South African Communist Party 1921 - 1971, Inkululeko Publications, Londen, 1971.

Roux, E.: Time Longer than Rope, The University of Wisconsin Press, Medison, 1964.

Soref, H., en Greig, I.: The Puppeteers, Tandem Books Ltd., Londen, 1965.

Spier, J.M.: Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte, (Afrikaanse vertaling deur H.J. en D.F.M. Strauss), Sacum Beperk, Bloemfontein, 1972.

Taylor, E.L.H.: The Christian Philosophy of Law, Politics and the State, The Craig Press, New Jersey, 1966.

Verloren van Themaat, J.P. en Wiechers, M.: Staatsreg, Butterworths, Durban, 1967.

Vermaak, C.: The Red Trap, A.P.B. Publishers, Johannes=burg, 1966.

Webb, S. & B.: Soviet Communism: A new Civilisation, Victor Gollancz Ltd., Londen, 1937.

PROEFSKRIFTE, VERHANDELINGS, TYDSKRIFARTIKELS EN ANDER BRONNE

African National Congress, South Africa, Information Bureau African National Congress, Londen.

A Survey of Race Relations in South Africa 1972, South African Institute of Race Relations, Johannesburg, Januarie 1973.

Barnard, L.D.: Terrorisme in Suider Afrika as onweersone in die Internasionale Politiek, Diktaat vir Staatsleer III, U.O.V.S., Bloemfontein.

Brümmer, J.J.P.: Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika, (Ongepubliseerde dokument)

Debatte van die Volksraad: Staatsdrukker, Pretoria.
1973 - kolom 1543.
1961 - kolom 2396.
1950 - kolom 6912.

Debatte van die Senaat van die Republiek van Suid-Afrika, Staatsdrukker, Pretoria, 1969.

De Villiers, C.M.: Die "African National Congress" en sy aktiwiteite aan die Witwatersrand (1912 - 1956), Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1965.

Die Burger, Kaapstad, 24 Mei 1969.

Die Transvaler, Johannesburg, 13 Augustus 1974.

Duvenage, S.C.W.: Studenteopstandigheid as middel van Politieke geweld en rewolusie, Toespraak tydens die 1973 Simposium aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1973.

Forward to Freedom - Strategy, tactics and programme of the African National Congress, South Africa.

Freedom '71, University Christian Movement, Conference Report.

Nel, G.E.P.: Kommunistiese Infiltrasie: 'n Ontleding van die Taktiek in Teorie en Praktyk, Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1973.

NUSAS., Correlated Resolutions and Entrenched Clauses of National Union Policy, Augustus 1972.

NUSAS., South African Outlook, Vol. 104, No. 1232, Januarie 1974.

One For The Road, Lyfblad van die University Christian Movement, Stellenbosch, Vol. 0. No. 0., Junie 1968;
Vol. 1. No. 1., September 1968;
Vol. 2. No. 1., Mei 1969.

Pretoria Universiteit, Die Perdeby, Pretoria, Jaargang XXIX, No. 549, 9 Maart 1973.

Report on Communism up to January 1948.

Schwarz, F.: The Five Basic steps to Communism.

Strauss, H.J.: Staatsleer I Diktaat, Bloemfontein, 1969.

Strauss, H.J.: Staatsleer III, Diktaat, Bloemfontein, 1963.

Suid-Afrikaanse Polisie, Die "African National Congress" van Suid-Afrika en "Umkhonto We Sizwe", Ongepubliseerde dokument.

The Communist Party, Constitution and Rules, Kaapstad, 1921.

The Road to South African Freedom, Program van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party 6de Kongres, 1962.

Van den Berg, H.J.: Die Veiligheid van ons land en die bydra van die Studente, Toespraak tydens 'n leierskursus aan die P.O.K. op 18 Januarie 1971.

Van der Watt, L.: Die reg van verset ('n Staatsfilosofiese studie), Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, U.O.V.S., Bloemfontein, 1963.

Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede betreffende die Veiligheid van die Staat, Staatsdrukker, Pretoria, 1974.

Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van ondersoek na sekere organisasies, Staatsdrukker, Pretoria, 1974.

Wessels, F.J.H.: Die Owerheidstaak, Ongepubliseerde D. Phil. Proefskrif, U.O.V.S., Bloemfontein, 1957.

Wessels, H.A.: Die anti-kommunistiese wetgewing van die Republiek van Suid-Afrika: getoets aan die grondbeginsels van die Regstaat, Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, U.O.V.S., Bloemfontein, 1969.

Wessels, H.A.: Die stryd van die Republiek van Suid-Afrika teen "Kommunistiese" Imperialisme - 'n Staatsfilosofiese studie, Ongepubliseerde D. Phil. Tesis, U.O.V.S., Bloemfontein, 1972.

Wette van die Republiek van Suid-Afrika:

Wet No. 38 van 1927.
Wet No. 44 van 1950.
Wet No. 50 van 1951.
Wet No. 3 van 1953.
Wet No. 15 van 1954.
Wet No. 56 van 1955.
Wet No. 17 van 1956.
Wet No. 32 van 1961.
Wet No. 76 van 1962.
Wet No. 37 van 1963.
Wet No. 80 van 1964.
Wet No. 97 van 1965.
Wet No. 83 van 1967.

Groepsgebiede Wet.

o o O o o

U.O.V.S.—U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK-LIBRARY